- “niegemotoriseerde vervoer”** ook voetgangers, trapfietse en ander voertuie wat deur mense aangedryf word of deur diere getrek word;
- “NLTA”** die National Land Transport Act, 2009 (Wet 5 van 2009);
- “okkupeerder”** ’n persoon wat grond werklik en wettig beset of ’n persoon wat op 50 ’n bepaalde tydstop beheer oor grond het as eienaar, huurder of lisensiehouer of om enige ander rede;
- “onteien”** ook die neem van die reg om eiendom tydelik te gebruik;
- “openbare vervoer”** dieselfde as in artikel 1 van die NLTA;
- “openbare vervoerpad”** ’n pad wat hoofsaaklik vir openbare vervoer gebruik 55 word en wat as ’n openbare vervoerpad geklassifiseer is ingevolge artikel 5(2)(a);
- “openbare voetpad”** ’n voetpad wat ingevolge artikel 5(2)(a) as ’n openbare voetpad geklassifiseer is of ingevolge artikel 9(6) as ’n openbare voetpad beskou word;
- “openbarevervoerinfrastruktuur”** vervoerinfrastruktuur wat hoofsaaklik vir 60 openbare vervoer gebruik word of ontwerp is;
- “openbarevervoerinfrastruktuur-owerheid”** die owerheid verantwoordelik vir vervoerinfrastruktuur ingevolge ’n kennisgewing in artikel 5(2) bedoel;

- “**oprig**”, met betrekking tot ’n heining, ook die heroprigting van ’n heining, die algehele vervanging van die materiaal van die heining en die byvoeging tot die heining van enige materiaal wat nie vir die doel van herstel en instandhouding nodig is nie;
- “**Ordonnansie**” die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976); 5
- “**pad**” ’n primêre pad, hoofpad, distrikspad, kleinpad of openbare vervoerpad, en ook die volle breedte van die padreserwe en die grond en alle werke of dinge wat deel van die pad uitmaak of daarby hoort;
- “**padbaan**” die deel van ’n pad wat vir voertuie bedoel is;
- “**padowerheid**” die owerheid verantwoordelik vir ’n pad ingevolge ’n kennisgewing in artikel 5(2) bedoel; 10
- “**padverlofreg**” toegang oor of reg van weg op ’n pad- of openbarevervoerinfrastruktuur-reserwe wat deur die pad- of openbarevervoerinfrastruktuur-owerheid verleen is;
- “**plaaslike munisipaliteit**” ’n plaaslike munisipaliteit soos omskryf in artikel 1 van die Strukturewet; 15
- “**primêre pad**” ’n pad wat ingevolge artikel 5(2)(a) of artikel 9(1) as ’n primêre pad geklassifiseer is, of wat ingevolge artikel 9(6) as ’n primêre pad beskou word;
- “**Promotion of Administrative Justice Act**” die Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Wet 3 van 2000); 20
- “**provinsiale landvervoerraamwerk**” die raamwerk in artikel 35 van die NLTA beoog;
- “**provinsiale pad**” ’n primêre pad, hoofpad, distrikspad, kleinpad, openbare voetpad of openbare vervoerpad waarvoor die Minister die padowerheid is;
- “**provinsiale spoorlyn**” ’n spoorlyn waarvoor die Minister die spoorowerheid is; 25
- “**provinsiale vervoerinfrastruktuur**” vervoerinfrastruktuur waarvoor die Minister verantwoordelik is ingevolge—
- (a) ’n kennisgewing in artikel 5(2) of 7(3) bedoel;
- (b) ’n ooreenkoms in artikel 9(1) bedoel; of
- (c) ’n oordragooreenkoms in artikel 10 bedoel; 30
- “**Provinsie**” die Provinsie of die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, na gelang van die samehang;
- “**reserwe**”, in die geval van—
- (a) ’n pad of spoorlyn, die volle verklaarde breedte tussen sy grenskante; en
- (b) bykomstige vervoerinfrastruktuur, die volle verklaarde gebied binne sy grenskante; 35
- “**rusgebied**” ’n gebied wat opsygesit is spesifiek om padgebruikers in staat te stel om hulle reis te onderbreek vir die doel van ’n russtop, geleë of aangrensend aan en deel van die padreserwe, of weg van die pad, en wat kommersiële fasiliteite kan insluit; 40
- “**spoorlyn**” ’n swaar spoorlyn of ’n ligte spoorlyn, en ook die volle breedte van die spoorreserwe en die grond en alle werke of dinge wat deel van die spoorlyn uitmaak of daarby hoort;
- “**spoorowerheid**” die owerheid verantwoordelik vir ’n spoorlyn ingevolge ’n kennisgewing in artikel 5(2) bedoel; 45
- “**staatsorgaan**” ’n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet;
- “**stasie**” ook—
- (a) in die geval van ’n spoorlyn, die gebiede binne ’n stasie wat gebruik word vir die spoorbaan, siviele infrastruktuur, geboue, treinbeheerstelsels, spoorwegwerwe, sylyne of sinjale, en alle ander fasiliteite en stelsels wat nodig is vir of bykomstig is by die bedryf, instandhouding en administrasie van die spoorlyn; 50
- (b) in die geval van ’n buspad, die gebiede binne die stasie wat gebruik word vir die buspad, siviele infrastruktuur, geboue, tekens, seine en merke, en alle ander fasiliteite en stelsels wat nodig is vir of bykomstig is by die bedryf, instandhouding en administrasie van die busstelsel; en 55
- (c) parkeergarages en -gebiede, op- en aflaaipte vir passasiers, en kommersiële en kleinhandelgrondgebruike wat deel van die stasieperseel uitmaak;
- “**stedelike gebied**” ’n gebied bestaande uit—
- (a) behoudens paragrafe (b) en (c), die gedeelte van die regsgebied van ’n plaaslike owerheid wat deur opmeting onderverdeel is in erwe van twee hektaar of minder of deur opgemete erwe omring word, en ook openbare paaie wat daaraan grens; 60

- (b) 'n gebied binne die perimeter van 'n stadsrand, waar die stadsrand verwys na 'n lyn op 'n toepaslike plan of kaart wat die beplande buitenste grens van laterale stedelike uitbreiding toon en wat verklaar is ingevolge 'n wet wat grondgebruiksbeplanning in die betrokke gebied reguleer; of
- (c) 'n gebied wat ingevolge subartikel (2) as 'n stedelike gebied verklaar is vir doeleindes van hierdie Wet, 5
- en ook gebiede aangrensend aan 'n gebied in paragraaf (a) of (b) bedoel en wat strek tot buite die grens van daardie gebied gemeet reghoekig op die rand van die gebied, vir 'n afstand van 250 meter;
- “straat”** 'n straat of ander pad onder beheer van 'n munisipaliteit wat nie 'n munisipale pad is nie;
- “Strukturewet”** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);
- “struktuur”** enige gebou, struktuur of ding wat opgerig is op, bo of onder die grond, hetsy permanent of tydelik, ongeag die aard of grootte daarvan; 15
- “subsidie”** subsidie betaalbaar aan 'n munisipaliteit ingevolge 'n ooreenkoms in artikel 24(2) beoog;
- “swaar spoorlyn”** 'n passasierspoorstelsel wat—
- (a) bedryf word op spore binne sy eie spoorreserwe;
- (b) 'n baanbreedte van meer as 600 millimeter het; en 20
- (c) ingevolge artikel 5(2)(a) as 'n swaar spoorlyn geklassifiseer is;
- “vee”** alle kategorieë mak lewende hawe vir boerdery en wild;
- “veekamp”** 'n terrein vir gebruik in verband met die tydelike inkamping van vee terwyl hulle in transito is;
- “verantwoordelike owerheid”** of **“owerheid”**, met betrekking tot 'n pad, spoorlyn of openbarevervoerinfrastruktuur, die padowerheid, spoorowerheid of openbarevervoerinfrastruktuur-owerheid verantwoordelik vir daardie pad, spoorlyn of openbarevervoerinfrastruktuur ingevolge hierdie Wet; 25
- “verkeer”** pad- en spoorvoertuigverkeer of niegemotoriseerde vervoer;
- “verkeerstekens”** padverkeerstekens soos beoog in die Nasionale Padverkeerswet, of spoortekeens of sinjale soos beoog in die National Railway Safety Regulator Act, 2002 (Wet 16 van 2002), en ook tekens of sinjale vir die beheer van pad- en spoorverkeer by spoorroorgange en by ander plekke waar daar potensiële botsings tussen spoor- en ander verkeer is;
- “verklarede vervoerinfrastruktuur”** vervoerinfrastruktuur wat ingevolge hierdie Wet verklaar is of geag word verklaar te wees; 30
- “vervoerinfrastruktuur”** ook 'n pad of spoorlyn of bykomstige vervoerinfrastruktuur, insluitende die reserwe daarvan;
- “voorgeskryf”** by regulasie voorgeskryf;
- “voorheen verklarede”** verklaar of geag word verklaar te wees ingevolge die Ordonnansie of enige ander wet wat van krag is by die inwerkingtreding van hierdie Wet; 40
- “WNEH”** die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999);
- “WNOB”** die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998); en
- “WOFB”** die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999). 45
- (2) Die Minister, met die instemming van die Minister van Plaaslike Regering, kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* enige gebied tot 'n stedelike gebied verklaar vir doeleindes van hierdie Wet.

Owerhede verantwoordelik vir vervoerinfrastruktuur

2. (1) Die Minister moet provinsiale vervoerinfrastruktuur finansier, beplan, ontwerp, 50
verklaar, bou, ontwikkel, in stand hou, beheer, bestuur, reguleer, opgradeer, beskerm en rehabiliteer, en alle regte en verpligtinge rakende sodanige infrastruktuur berus by die Minister.
- (2) Die betrokke munisipaliteit moet munisipale vervoerinfrastruktuur in sy regsgebied finansier, beplan, ontwerp, verklaar, bou, ontwikkel, in stand hou, beheer, 55
bestuur, reguleer, opgradeer, beskerm en rehabiliteer, behoudens subartikel (3), en alle regte en verpligtinge rakende sodanige infrastruktuur berus by daardie munisipaliteit.
- (3) Ten opsigte van munisipale vervoerinfrastruktuur geleë in die gebied van 'n distriksmunisipaliteit is die betrokke munisipaliteit vir doeleindes van subartikel (2) die distriksmunisipaliteit, tensy die distriksmunisipaliteit en 'n plaaslike munisipaliteit in sy 60

gebied ooreengekom het dat die plaaslike munisipaliteit verantwoordelikheid vir die vervoerinfrastruktuur sal aanvaar.

(4) 'n Verantwoordelike owerheid kan met 'n ander owerheid ooreenkom dat die verantwoordelikheid vir sekere van, of al die aspekte rakende vervoerinfrastruktuur in subartikels (1) en (2) bedoel, na die ander owerheid oorgedra word op die bepalings en voorwaardes waarop daar ooreengekom word, wat voorwaardes oor finansiële verantwoordelikhede moet insluit. 5

(5) Die owerheid aan wie die verantwoordelikheid vir vervoerinfrastruktuur oorgedra word ingevolge 'n ooreenkoms in subartikel (4) beoog moet 'n kennisgewing wat die ooreenkoms weerspieël in die *Provinsiale Koerant* publiseer. 10

Titel op, vestiging en oordrag van grond waarop vervoerinfrastruktuur geleë is

3. (1) Titel op grond, insluitende serwitute, wat deur of namens die Provinsie of 'n munisipaliteit verkry is vir vervoerinfrastruktuur, moet op naam van die Provinsie of die munisipaliteit, na gelang van die geval, geregistreer word.

(2) Waar titel op grond waaroor vervoerinfrastruktuur verklaar is bly op die naam van die persoon wat die grond ten tyde van die verklaring besit, moet beperkings wat deur die verklaring geplaas word op alle grond wat die reserwe van daardie vervoerinfrastruktuur uitmaak by die Registrateur van Aktes geregistreer word en op die titelakte van die grond aangedui word. 15

(3) Subartikel (2) is nie van toepassing op 'n voorheen verklaarde pad wat te eniger tyd na die inwerkingtreëding van hierdie Wet gesluit is nie. 20

(4) Die kantoor van Padtrustees wat by artikel 23 van die Ordonnansie ingestel is, word afgeskaf.

(5) Alle grond wat by die Padtrustees berus of op naam van die Padtrustees geregistreer is ingevolge die Ordonnansie, gaan op die Provinsie oor. 25

(6) Indien—

(a) enige vervoerinfrastruktuur verskuif, verander of permanent gesluit word;

(b) die reserwe van vervoerinfrastruktuur verklein of verander word; of

(c) 'n owerheid ophou om grond vir die doel van vervoerinfrastruktuur te gebruik, 30

keer enige oortollige grond wat as gevolg van 'n aksie in paragraaf (a), (b) of (c) beoog, ophou om deel van die betrokke vervoerinfrastruktuur uit te maak, tesame met alle werke en dinge wat daarmee gepaardgaan, terug na die eienaar van die grond waarvan die oortollige grond deel uitgemaak het onmiddellik voor die verklaring van daardie vervoerinfrastruktuur, tensy die verantwoordelike owerheid anders gelas by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*. 35

(7) Waar grond ingevolge subartikel (6)(a), (b) of (c) terug na die eienaar oorgedra word, is vergoeding, op die voorgeskrewe wyse bereken, deur daardie eienaar aan die betrokke verantwoordelike owerheid betaalbaar.

(8) Behoudens subartikel (6), kan grond wat by 'n owerheid berus, insluitende grond wat behou word deur 'n kennisgewing ingevolge subartikel (6), en wat nie meer vir enige doeleindes rakende vervoerinfrastruktuur benodig word nie, deur daardie owerheid verkoop word. 40

(9) Waar grond ingevolge subartikel (6) terugval of ingevolge subartikel (8) verkoop word in 'n geval waar die grond berus by— 45

(a) die Provinsie, moet die opbrengs in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word; en

(b) 'n munisipaliteit en verkry is deur subsidiegeld te gebruik wat deur die Minister betaal is, moet die netto opbrengs van die oordrag of verkoop en enige ander inkomste wat uit daardie grond verkry is, in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word in verhouding tot die subsidiebydrae wat vir die verkryging daarvan gemaak is. 50

Professionele ingenieurs, stadsbeplanners of argitekte verantwoordelik vir spesifieke funksies

4. (1) Die verantwoordelike owerheid moet verseker dat funksies wat ingevolge hierdie Wet verrig word, onderneem word onder die verantwoordelikheid en noulettendheid van 'n gepas gekwalifiseerde professionele persoon, behoudens subartikels (2) en (3). 55

- (2) Geen persoon behalwe 'n persoon wat geregistreer is as—
- (a) 'n professionele ingenieur of professionele ingenieurstechnoloog ingevolge die Wet op die Ingenieursweseprofessie, 2000 (Wet 46 van 2000); of
 - (b) 'n stadsbeplanner of argitek ingevolge die betrokke professionele akkreditasiewetgewing,
- mag vir die toesig oor en goedkeuring van tegniese strategieë of planne rakende vervoerinfrastruktuur verantwoordelik wees nie. 5
- (3) Geen persoon behalwe so 'n professionele ingenieur of professionele ingenieurstechnoloog mag vir die toesig oor en goedkeuring van tegniese strategieë of planne rakende die volgende aktiwiteite verantwoordelik wees nie: 10
- (a) Die ontwerp van siviele, strukturele, elektriese of meganiese ingenieurskomponente van vervoerinfrastruktuur;
 - (b) die ontwikkeling van remediërende en instandhoudingstrategieë van bestaande vervoerinfrastruktuur;
 - (c) die bestuur van die konstruksie en instandhouding van vervoerinfrastruktuur; 15 of
 - (d) ander voorgeskrewe aktiwiteite.

DEEL 2: KLASSIFIKASIE VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR, RESERWEBREEDTES, BOULYNE EN BOUBEPERKINGSGBIEDE

20

Klassifikasie van paaie en spoorlyne

5. (1) Paaie en spoorlyne in die Provinsie word soos volg geklassifiseer:
- (a) Primêre paaie, onder beheer van die Minister;
 - (b) hoofpaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit;
 - (c) distrikspaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit; 25
 - (d) kleinpaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit;
 - (e) openbare vervoerpaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit;
 - (f) openbare voetpaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit;
 - (g) swaar spoorlyne, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit; en
 - (h) ligte spoorlyne, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit. 30
- (2) Die verantwoordelike owerheid moet, in elke kennisgewing wat ingevolge artikel 19(1) ten opsigte van 'n pad of spoorlyn uitgereik word—
- (a) die betrokke pad of spoorlyn klassifiseer as een van die tipes in subartikel (1) genoem;
 - (b) verklaar of die Minister of 'n munisipaliteit vir die pad of spoorlyn 35 verantwoordelik is; en
 - (c) in die geval van 'n distriksmunisipaliteit, verklaar of die distriksmunisipaliteit of 'n plaaslike munisipaliteit vir die pad of spoorlyn verantwoordelik is.
- (3) 'n Openbare vervoerpad kan in sy eie eksklusiewe reserwe wees of in die reserwe van 'n primêre, hoof-, distriks- of kleinpad. 40
- (4) Die verantwoordelike owerheid kan voorwaardes vir openbare vervoerpaaie stel en moet daardie voorwaardes by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* bekend maak.
- (5) Waar 'n openbare vervoerpad in die reserwe van 'n ander pad verklaar word, is die owerheid verantwoordelik vir die ander pad ook die verantwoordelike owerheid vir die openbare vervoerpad, maar handelende in oorleg met die betrokke openbarevervoer- 45 infrastruktuur-owerheid.
- (6) Waar 'n openbare vervoerpad onder beheer van 'n munisipaliteit geheel en al binne die reserwe van 'n primêre, hoof-, distriks- of kleinpad onder beheer van die Minister geleë is, moet die Minister en die munisipaliteit, waar gepas, 'n skriftelike ooreenkoms aangaan oor watter owerheid verantwoordelik is vir instandhouding, 50 advertensiebeheer, padverlofregte en ander tersaaklike aspekte rakende die openbare vervoerpad.
- (7) Die Minister kan, na oorleg met die geaffekteerde munisipaliteite, die klassifikasie van 'n provinsiale pad of 'n provinsiale spoorlyn verander by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*. 55
- (8) 'n Munisipaliteit kan die klassifikasie van 'n munisipale pad of 'n munisipale spoorlyn verander by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.
- (9) Waar 'n munisipale pad of munisipale spoorlyn deur die Provinsie gesubsidieer word, moet die munisipaliteit skriftelike goedkeuring van die Minister vir 'n

verandering van klassifikasie in subartikel (8) beoog verkry voor publikasie van die kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Reserwebreedtes van paaie en spoorlyne

6. (1) Behoudens subartikel (2) is die standaard minimum reserwebreedtes van paaie en spoorlyne wat ingevolge Deel 4 verklaar is, soos volg: 5
- (a) Primêre pad: 30 meter;
 - (b) hoofpad: 25 meter;
 - (c) distrikspad: 20 meter;
 - (d) kleinpad: 20 meter;
 - (e) openbare vervoerpad: 20 meter, behalwe in gevalle waar die openbare vervoerpad in die reserwe van 'n primêre, hoof-, distriks- of kleinpad verklaar is; 10
 - (f) openbare voetpad: twee meter;
 - (g) swaar spoorlyn: 20 meter; en
 - (h) ligte spoorlyn: 10 meter. 15
- (2) 'n Verantwoordelike owerheid kan, by verklaring, verskuiwing of verandering van 'n pad of spoorlyn, in die kennisgewing ingevolge artikel 19(1), bepaal dat die pad of spoorlyn 'n ander reserwebreedte as die standaard minimum reserwebreedte moet hê.
- (3) Die Minister kan die reserwebreedte van 'n pad of spoorlyn, of gedeelte daarvan, waarvan die Minister die verantwoordelike owerheid is, verander— 20
- (a) na oorleg met alle geaffekteerde munisipaliteite;
 - (b) behoudens die nodige projekbeplanning ingevolge Deel 4; en
 - (c) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* op die voorgeskrewe wyse en met vermelding van die voorgeskrewe inligting.
- (4) 'n Munisipaliteit kan die reserwebreedte van 'n pad of spoorlyn, of gedeelte daarvan, waarvan hy die verantwoordelike owerheid is, verander— 25
- (a) na oorleg met alle ander geaffekteerde munisipaliteite en die Minister;
 - (b) behoudens die nodige projekbeplanning ingevolge Deel 4;
 - (c) met die goedkeuring van die Minister waar die pad of spoorlyn deur die Provinsie gesubsidieer word; en 30
 - (d) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* op die voorgeskrewe wyse en met vermelding van die voorgeskrewe inligting.
- (5) Die reserwebreedte van alle paaie wat wettig bepaal of gewysig is ingevolge die Ordonnansie en van krag is by die inwerkingtreding van hierdie Wet bly van krag tensy dit ingevolge hierdie Wet verander word. 35

Klassifikasie en reserwes van bykomstige vervoerinfrastruktuur

7. (1) Bykomstige padinfrastruktuur word soos volg geklassifiseer:
- (a) Parkeergebied;
 - (b) rusgebied;
 - (c) diensperseel met regstreekse toegang; 40
 - (d) stilhouplek;
 - (e) weegbrugterrein;
 - (f) verkeersbeheersentrum;
 - (g) veekamp;
 - (h) materiaalbergingssterrein; of 45
 - (i) depot.
- (2) Bykomstige openbarevervoerinfrastruktuur word soos volg geklassifiseer:
- (a) Openbare vervoerwisselaar;
 - (b) stasie;
 - (c) rangeerfasiliteit; 50
 - (d) depot; of
 - (e) beheer- en inligtingsentrum.
- (3) Die verantwoordelike owerheid moet, in elke kennisgewing ingevolge artikel 19(1) ten opsigte van bykomstige vervoerinfrastruktuur—
- (a) die bykomstige vervoerinfrastruktuur wat in sodanige kennisgewing verklaar word, klassifiseer as een van die tipes in subartikel (1) of (2) genoem, behalwe waar die infrastruktuur geleë is binne en deel uitmaak van die reserwe van vervoerinfrastruktuur wat ingevolge artikel 5 geklassifiseer is; 55

- (b) meld of die Minister of 'n munisipaliteit verantwoordelik is vir die bykomstige vervoerinfrastruktuur; en
- (c) in die geval van 'n distriksmunisipaliteit, meld of die distriksmunisipaliteit of 'n plaaslike munisipaliteit vir die pad of spoorlyn verantwoordelik is.
- (4) Die Minister of 'n munisipaliteit, na gelang van die geval, kan in oorleg met mekaar die klassifikasie van bykomstige vervoerinfrastruktuur by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verander, behoudens subartikel (5) en die nodige projekbeplanningsproses ingevolge Deel 4. 5
- (5) Waar bykomstige vervoerinfrastruktuur ten opsigte waarvan 'n munisipaliteit die verantwoordelike owerheid, is deur die Provinsie gesubsidieer word, moet die munisipaliteit toestemming vir die verandering van klassifikasie van die Minister kry voor die aanvang van die projekbeplanningsproses. 10
- (6) Die reserwe van bykomstige vervoerinfrastruktuur word bepaal deur die projekbeplanningsproses ingevolge Deel 4 voor die verklaring van die bykomstige vervoerinfrastruktuur. 15
- (7) Die Minister kan die reserwe van voorheen verklaarde bykomstige vervoerinfrastruktuur waarvan die Minister die verantwoordelike owerheid is, verander—
 - (a) na oorleg met geaffekteerde munisipaliteite;
 - (b) behoudens die nodige projekbeplanning ingevolge Deel 4; en
 - (c) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* op die voorgeskrewe wyse en met vermelding van die voorgeskrewe inligting. 20
- (8) 'n Munisipaliteit kan die reserwe van voorheen verklaarde bykomstige vervoerinfrastruktuur waarvan hy die verantwoordelike owerheid is, verander—
 - (a) na oorleg met alle ander geaffekteerde munisipaliteite;
 - (b) behoudens die nodige projekbeplanning ingevolge Deel 4; 25
 - (c) met die goedkeuring van die Minister waar die bykomstige vervoerinfrastruktuur deur die Provinsie gesubsidieer word; en
 - (d) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* op die voorgeskrewe wyse en met vermelding van die voorgeskrewe inligting.

Boulyne en boubeperkingsgebiede 30

- 8. (1) Boulyne en boubeperkingsgebiede—
 - (a) soos in subartikels (2) en (3) bepaal, is van toepassing op alle primêre, hoof-, distriks- en openbare vervoerpaaie en spoorlyne wat ingevolge Deel 4 verklaar is; en
 - (b) wat voorheen ingevolge die Ordonnansie of ander wetgewing verklaar is, bly van krag ooreenkomstig daardie vorige verklaring, behoudens subartikel (4). 35
- (2) In 'n stedelike gebied is daar 'n boulyn aan elke kant van 'n pad of spoorlyn op 'n afstand van vyf meter gemeet reghoekig op die middellyn van die pad of spoorlyn.
- (3) Buite 'n stedelike gebied is daar—
 - (a) 'n boulyn aan elke kant van 'n pad of spoorlyn op 'n afstand van vyf meter gemeet reghoekig op die middellyn van die pad of spoorlyn; 40
 - (b) 'n boubeperkingsgebied aan elke kant van 'n pad of spoorlyn binne 'n afstand van 100 meter gemeet reghoekig op die middellyn van die pad of spoorlyn; en
 - (c) 'n boubeperkingsgebied binne 'n afstand van 500 meter gemeet van die snypunt van die middellyn van die pad of spoorlyn met die middellyn van 'n ander pad of spoorlyn. 45
- (4) Die verantwoordelike owerheid kan 'n boulyn of boubeperkingsgebied vergroot of verklein—
 - (a) in die geval van gesubsidieerde vervoerinfrastruktuur, met goedkeuring van die Minister; 50
 - (b) behoudens die nodige projekbeplanning ingevolge Deel 4; en
 - (c) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* op die voorgeskrewe wyse en met vermelding van die voorgeskrewe inligting.

DEEL 3: OORGANGSBEPALINGS TEN OPSIGTE VAN BESTAANDE PAAIE

Assessering van voorheen verklaarde paaie 55

- 9. (1) So gou moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet die Departementshoof gesamentlike assesserings onderneem en met munisipaliteite ooreenkom op die voorgeskrewe wyse om alle voorheen verklaarde paaie te klassifiseer

in ooreenstemming met die kategorieë in artikel 5 uiteengesit. As daar nie ooreengekom word nie, moet die aangeleentheid hanteer word ooreenkomstig die Intergovernmental Relations Framework Act, 2005 (Wet 13 van 2005).

(2) Die ooreenkomste wat tussen die partye bereik word na assesserings ingevolge subartikel (1), moet vir elke pad wat geassesseer is, spesifiseer— 5

- (a) die klassifikasie en enige verandering in klassifikasie;
- (b) die padowerheid en enige verandering in padowerheid; en
- (c) dat enige oordrag van 'n geassesseerde pad ingevolge artikel 10 moet geskied.

(3) Na voltooiing van 'n assessering ten opsigte van 'n munisipale gebied moet die Departementshoof 'n kennisgewing in elke amptelike taal laat publiseer in ten minste 10 een koerant wat in daardie gebied sirkuleer bevattende—

- (a) besonderhede van die ooreenkoms ten opsigte van die assessering van paaie in die gebied, insluitende enige voorgestelde verandering in klassifikasie, enige verandering in padowerheid en, in die geval van 'n oordrag, die owerheid waarvan die pad oorgedra word en die owerheid waarheen die pad oorgedra 15 gaan word;
- (b) besonderhede van die tye en plekke waar insae in die bevindings van die assessering gekry kan word; en
- (c) 'n uitnodiging aan belanghebbende en geaffekteerde partye om voor 'n datum hoogstens 60 dae na publikasie van die kennisgewing skriftelik kommentaar 20 te lewer op die implikasies van die assesserings.

(4) Na oorweging van kommentaar van die publiek wat ontvang is na die uitnodiging wat ingevolge subartikel (3)(c) gepubliseer is, moet die Departementshoof 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* publiseer met 'n lys van al die paaie wat ingevolge die assesserings en ooreenkomste ingevolge subartikel (1) geklassifiseer is en 25 met vermelding van besonderhede van enige oordrag van paaie tussen padowerhede.

(5) Die ooreenkomste wat tussen die partye bereik is na assesserings ingevolge subartikel (1), moet gebruik word by die samestelling van die rekords wat in artikel 12 beoog word.

(6) Elke voorheen verklaarde primêre, hoof- en kleinpad en openbare voetpad word 30 beskou as 'n pad van dieselfde onderskeie kategorie ingevolge hierdie Wet, en alle voorwaardes rakende die vorige verklaring bly van toepassing, tensy daar anders ooreengekom is ingevolge subartikel (1).

(7) Elke pad wat voorheen as 'n afdelingspad verklaar is, word beskou as geklassifiseer as 'n distrikspad ingevolge hierdie Wet, tensy daar anders ooreengekom is 35 ingevolge subartikel (1).

(8) Waar die klassifikasie van 'n voorheen verklaarde pad voorwaardes behels wat verskil van dié wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet op die pad van toepassing is, insluitende die breedte van sy reserwe en die boubeperkingsgebiede, bly die voorwaardes wat op daardie datum van toepassing is, van toepassing op die pad 40 totdat dit ingevolge hierdie Wet verander word.

Oordragooreenkomste ten opsigte van voorheen verklaarde paaie

10. (1) Die Minister en 'n munisipaliteit kan by ooreenkoms verantwoordelikheid vir 'n voorheen verklaarde pad oordra betreffende—

- (a) die regte rakende die pad; 45
- (b) die finansiële en subsidiereëlins vir die pad;
- (c) 'n agentskapsreëling waardeur een owerheid verantwoordelikheid aanvaar vir of rakende die pad onder beheer van die ander owerheid, met of sonder betaling; of
- (d) enige ander aangeleentheid wat die partye geskik ag, behoudens hierdie Wet. 50

(2) Die owerheid wat 'n pad ingevolge subartikel (1) oordra, moet kennis van die oordrag gee in—

- (a) die *Provinsiale Koerant*; en
- (b) elke amptelike taal in ten minste een koerant wat in die betrokke gebied 55 sirkuleer.

(3) Waar die grond waarop 'n pad geleë is wat na 'n ander owerheid oorgedra word, by die oordraggewer berus, moet die grond kosteloos na die ander owerheid oorgedra word, uitgesonder die oordragkoste, wat deur enige van die owerhede gedra kan word, soos ooreengekom.

(4) Waar 'n pad ingevolge hierdie artikel oorgedra word, moet die lys in artikel 12 60 bedoel, dien ooreenkomstig bygewerk word.

DEEL 4: BEPLANNING EN VERKLARING VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR

Vervoerstelselbeplanning

11. (1) Die Departementshoof moet—
- (a) verseker dat vervoerstelselbeplanning van vervoerinfrastruktuur waarvan die Minister die verantwoordelike owerheid is, gedoen word soos voorgeskryf; 5
 - (b) jaarliks aanvullings van sodanige beplanning, insluitende begrotings, opstel as inset vir die Departement se begrotingsiklusse en implementerings-programme; en
 - (c) hierdie aanvullings voor 30 April elke jaar aan munisipaliteite beskikbaar stel. 10
- (2) 'n Munisipaliteit moet—
- (a) verseker dat vervoerstelselbeplanning van vervoerinfrastruktuur in sy gebied by sy geïntegreerde vervoerplan ingesluit word soos vereis deur die NLTA;
 - (b) in soverre dit doenlik is, verseker dat beplanning en begroting vir die konstruksie, opgradering en instandhouding van vervoerinfrastruktuur onder die gesag van alle staatsorgane in sy munisipale gebied, en waar gepas, grensend aan daardie gebied, by die jaarlikse aanvullings van sy geïntegreerde vervoerplan ingesluit word; en 15
 - (c) inligting oor sodanige beplanning en begroting betyds aan die Minister voorlê om te verseker dat dit by die betrokke aanvullings van die provinsiale landvervoerraamwerk ingesluit word. 20
- (3) Die Minister en munisipaliteite moet verkeersaarbestuursplanne opstel soos voorgeskryf, wat—
- (a) goedgekeur moet word deur die verantwoordelike owerheid as dit nie die owerheid is wat die plan opstel nie; 25
 - (b) in die betrokke geïntegreerde vervoerplan en ruimtelike ontwikkelings-raamwerk en die provinsiale landvervoerraamwerk opgeneem moet word;
 - (c) die beleid vir die bestaande en toekomstige gebruik van die betrokke vervoerinfrastruktuur moet definieer;
 - (d) 'n fisiese plan vir leiding vir die huidige bestuur van die vervoerinfrastruktuur en omskrewe stadiums van toekomstige opgradering moet bied; en 30
 - (e) beperkings ten opsigte van aangrensende grondgebruik, toegang, parkering, openbare vervoer en niegemotoriseerde vervoer moet insluit.

Rekords van vervoerinfrastruktuur

12. (1) Na voltooiing van die assesserings van voorheen verklaarde paaie ingevolge artikel 9 moet die Departementshoof 'n omvattende lys en gepaardgaande data van alle verklaarde vervoerinfrastruktuur in die Provinsie opstel soos voorgeskryf. 35
- (2) Die Departementshoof moet seker maak dat die lys en gepaardgaande data verband hou met relevante bewaarders- en gebruikersbestuursplanne vir onroerende bates waarvoor voorsiening gemaak word in die Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007 (Wet 19 van 2007). 40
- (3) Voordat die lys gefinaliseer word, moet die Departementshoof—
- (a) 'n konsep daarvan aan alle munisipaliteite voorlê;
 - (b) hulle kommentaar vra met betrekking tot die konseplys binne 180 dae na ontvangs van die lys; en 45
 - (c) behoorlik oorweging skenk aan enige kommentaar wat ingevolge paragraaf (b) ontvang is.
- (4) Die Departementshoof moet 'n identifikasienommer of -kode toewys aan elke vervoerinfrastruktuur wat ingevolge subartikel (1) gelys is.
- (5) Die Departementshoof moet— 50
- (a) verseker dat die lys vir die publiek ter insae beskikbaar is gedurende kantoorure op die plek of plekke wat die Departementshoof aanwys; en
 - (b) die lys aanvul telkens wanneer enige vervoerinfrastruktuur in die Provinsie verklaar, verskuif, herklassifiseer, oorgedra of gesluit word, of wanneer die verklaring daarvan ingetrek word. 55
- (6) Elke munisipaliteit moet—
- (a) 'n lys hou van alle verklaarde vervoerinfrastruktuur in die gebied waarvoor die munisipaliteit die verantwoordelike owerheid is, op grond van dieselfde nommer- of kodestelsel in subartikel (4) bedoel;

- (b) verseker dat die lys vir die publiek ter insae beskikbaar is gedurende kantoorure op die plek of plekke wat die munisipaliteit aanwys; en
- (c) die lys aanvul telkens wanneer enige vervoerinfrastruktuur waarvoor die munisipaliteit verantwoordelik is, verklaar, verskuif, herklassifiseer, oorgedra of gesluit word, of wanneer die verklaring daarvan ingetrek word.

5

Projekbeplanningsproses

13. (1) Die verantwoordelike owerheid moet 'n projekbeplanningsproses onderneem waar hy voornemens is om te verklaar—

- (a) 'n nuwe pad, spoorlyn of bykomstige vervoerinfrastruktuur;
- (b) die verskuiwing van 'n bestaande pad of spoorlyn waardeur die hele beplande reserwe buite die bestaande reserwe val;
- (c) die verbreding van die reserwe van 'n pad of spoorlyn, behoudens subartikel (10);
- (d) 'n wysiging van die reserwe van bykomstige vervoerinfrastruktuur, behoudens subartikel (10);
- (e) die vergroting of verkleining van 'n boulyn of boubeperkingsgebied;
- (f) die verskuiwing of wysiging van verklaarde vervoerinfrastruktuur wat nog nie gebou is nie; of
- (e) die permanente sluiting van vervoerinfrastruktuur.

10

15

(2) Voor die aanvang van die projekbeplanningsproses moet 'n ooreenkoms tussen die verantwoordelike owerheid en enige ander instelling wat by prosesse ingevolge die WNOB of die WNEH of enige ander wet betrokke moet wees, aangegaan word oor die bestek van—

- (a) tegniese beplanning wat nodig is om die voorkeurbelyning of alternatiewe belynings, uitleg of alternatiewe uitlegte, reserwe en eiendomsverkryging van die betrokke vervoerinfrastruktuur te definieer;
- (b) 'n geïntegreerde omgewingsbestuursproses ooreenkomstig die WNOB, indien dit kragtens die WNOB vereis word;
- (c) openbare deelname ooreenkomstig die WNOB en soos verder bepaal in artikel 14(3), indien wel; en
- (d) 'n erfenisimpakbepaling ooreenkomstig die WNEH, indien dit vereis word.

25

30

(3) Die tegniese beplanning moet op die voorgeskrewe wyse gedoen word.

(4) Waar 'n beplanningsproses nie as deel van 'n geïntegreerde omgewingsbestuursproses ooreenkomstig die WNOB gedoen word nie, moet die verantwoordelike owerheid belanghebbende en geaffekteerde partye voor die begin van die beplanning op die voorgeskrewe wyse in kennis stel van die beoogde beplanning en vir daardie partye ten minste 30 dae toelaat om kommentaar te lewer of verhoër te rig ten opsigte van die beplanning.

35

(5) Na voltooiing van die beplanningsproses moet die verantwoordelike owerheid belanghebbende en geaffekteerde partye op die voorgeskrewe wyse in kennis stel en 'n kennisgewing in elke amptelike taal in ten minste een koerant wat in die gebied sirkuleer, laat publiseer met vermelding van die voorgeskrewe inligting en belanghebbende en geaffekteerde partye nooi om skriftelik kommentaar te lewer op die plan voor 'n datum hoogstens 30 dae na publikasie van die kennisgewing.

40

(6) Waar die Minister die verantwoordelike owerheid is ten opsigte van die vervoerinfrastruktuur in subartikel (1) bedoel, moet die Minister oorleg pleeg met die munisipaliteite in wie se gebiede die vervoerinfrastruktuur geleë is of sal wees en hulle versoek om binne 'n vermelde tyd skriftelike kommentaar op die beplanning voor te lê.

45

(7) 'n Munisipaliteit moet in sy reaksie spesifiek verwys na die uitwerking wat enige voorgestelde alternatiewe roetes of uitlegte op enige geïntegreerde vervoerplan, ruimtelike raamwerk of ander strategiese munisipale ontwikkelingsbeplanning van die munisipaliteit kan hê.

50

(8) Waar die projek 'n impak het op vervoerinfrastruktuur onder gesag van 'n staatsorgaan in 'n ander regeringsfeer, moet daardie staatsorgaan ook geraadpleeg word.

(9) Waar 'n gedeelte van vervoerinfrastruktuur verskuif moet word, moet die verantwoordelike owerheid 'n beplanningsproses aanpak wat handel oor enige oortollige vervoerinfrastruktuur, hetsy afsonderlik of as deel van die proses om die vervoerinfrastruktuur te verskuif, ten einde een of meer van die volgende teweeg te bring:

55

- (a) Verander die klassifikasie daarvan;
- (b) trek die verklaring daarvan in;

60

- (c) dra die betrokke vervoerinfrastruktuur of grond oor na 'n privaat persoon of 'n ander owerheid; of
- (d) sluit dit permanent.
- (10) Behoudens subartikel (11) kan 'n verantwoordelike owerheid-
 - (a) beplande of bestaande vervoerinfrastruktuur; 5
 - (b) 'n deel van 'n pad of spoorlyn; of
 - (c) die omvang en reserwe van vervoerinfrastruktuur wat voorheen verklaar is, verbreed of verander sonder om 'n beplanningsproses ingevolge hierdie artikel aan te pak, indien die verbreding of verandering nie langer is as 'n aaneenlopende lengte van 1 000 meter, en— 10
 - (i) in die geval van 'n pad of spoorlyn, die nuwe reserwe hoogstens vyf meter aan een of albei kante van die reserwe van die bestaande reserwe afwyk; of
 - (ii) in die geval van bykomstige vervoerinfrastruktuur, die nuwe reserwe nie verder as vyf meter van die bestaande reserwe geleë is nie.
- (11) Voor die verantwoordelike owerheid ingevolge subartikel (10) optree, moet hy— 15
 - (a) alle belanghebbende en geaffekteerde partye skriftelik op die voorgeskrewe wyse in kennis stel en hulle versoek om skriftelik kommentaar te lewer voor 'n datum hoogstens 30 dae na die kennisgewing; en
 - (b) verseker dat enige geïntegreerde prosesse wat ingevolge die WNOB of die WNEH vereis word, onderneem is. 20

Geïntegreerde omgewingsbestuursproses

14. (1) Waar dit ingevolge die WNOB vereis word, moet die verantwoordelike owerheid, wanneer 'n projekbeplanningsproses ingevolge artikel 13 onderneem word, 'n geïntegreerde omgewingsbestuursproses laat onderneem in koördinasie met die beplanning sodat die tegniese beplanningsimplikasies saam met die omgewings- en ander implikasies van die projek oorweeg word. 25
- (2) Die geïntegreerde omgewingsbestuursproses moet ingevolge Hoofstuk 5 van die WNOB gedoen word.
- (3) Die proses van openbare deelname ingevolge die WNOB moet oorlegpleging oor die impak van alle aspekte van die projek wat in hierdie Wet beoog word, insluit. 30
- (4) Waar die verantwoordelike owerheid nie die bevoegde owerheid is wat die geïntegreerde omgewingsbestuursproses ingevolge die WNOB administreer nie, moet die verantwoordelike owerheid daardie proses en die prosesse ingevolge hierdie Wet, insluitende tegniese ondersoeke, spesialisstudies en die proses van openbare deelname, in 'n enkele proses koördineer. 35

Beplanningsproses voor permanente sluiting

15. (1) Indien 'n verantwoordelike owerheid beoog om die verklaring van vervoerinfrastruktuur in te trek—
- (a) ten einde dit permanent te sluit;
 - (b) ten einde die benaming daarvan te verander na 'n straat; of 40
 - (c) wat nog nie gebou is nie,
- moet hy 'n beplanningsproses onderneem voordat hy die verklaring van die intrekking ingevolge artikel 19 maak.
- (2) Waar permanente sluiting van die vervoerinfrastruktuur beoog word, moet die beplanningsproses plaasvind in die vorm van 'n omgewingsimpakbepaling soos in die WNOB beoog en, indien van toepassing, 'n erfenisimpakbepaling ingevolge die WNEH. 45
- (3) Die beplanningsproses moet al die implikasies van die beoogde handeling op aangrensende grondgebruik en die omliggende gebied identifiseer, insluitende die impak van die hertoewysing van verkeer, en omgewings-, erfenis-, maatskaplike, ekonomiese, gesondheids-, veiligheids- en toegangsimpakte. 50
- (4) Die verantwoordelike owerheid moet, voor die begin van die beplanningsproses—
- (a) belanghebbende en geaffekteerde partye op die voorgeskrewe wyse in kennis stel van die beoogde beplanning; 55
 - (b) vir daardie partye ten minste 30 dae toelaat om kommentaar te lewer of vertoë te rig oor die faktore wat by die beplanning ingesluit moet word; en
 - (c) enige vertoë wat ontvang is, oorweeg.

(5) Na voltooiing van die beplanning moet die verantwoordelike owerheid 'n kennisgewing in elke amptelike taal laat publiseer in ten minste een koerant wat in die gebied sirkuleer, met vermelding van—

- (a) 'n beskrywing van die voorgestelde optrede;
- (b) besonderhede van die tye en plekke waar insae in die bevindings van die beplanning gekry kan word; en
- (c) 'n uitnodiging aan belanghebbende en geaffekteerde partye om skriftelik kommentaar op die implikasies van die sluiting te lewer voor 'n datum hoogstens 30 dae na publikasie van die kennisgewing.

(6) Waar die verantwoordelike owerheid die Minister is, moet hy of sy oorleg pleeg met die munisipaliteite in wie se gebiede die vervoerinfrastruktuur geleë is of sal wees en hulle versoek om binne 'n bepaalde tyd skriftelike kommentaar op die beplanning voor te lê, met spesifieke verwysing ook na die uitwerking wat die voorgestelde optrede op enige geïntegreerde vervoerplan, ruimtelike raamwerk of ander strategiese ontwikkelingsbeplanning van die munisipaliteit kan hê.

(7) Waar die voorgestelde optrede 'n impak het op vervoerinfrastruktuur onder die gesag van ander regeringsfere of staatsorgane, moet hulle ook geraadpleeg word.

Aansoek om vervoerinfrastruktuur te sluit, te verskuif of te verander

16. (1) Enige persoon wat regstreeks deur bestaande of voorgestelde vervoerinfrastruktuur geraak word, kan skriftelik by die verantwoordelike owerheid aansoek doen om die vervoerinfrastruktuur te sluit, te verskuif of te verander.

(2) Die aansoek moet op die voorgeskrewe wyse voorgelê word en moet van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan.

(3) By ontvangs van so 'n aansoek kan die verantwoordelike owerheid—

- (a) dit weier en redes vir sodanige weiering verstrekk; of
- (b) dit steun, in welke geval die owerheid, behoudens subartikel (4), 'n projekbeplanningsproses ingevolge artikel 13 of 15, na gelang van die geval, moet onderneem.

(4) 'n Verantwoordelike owerheid kan alle uitgawes in verband met so 'n aansoek en die projekbeplanningsproses in subartikel (3)(b) beoog, van die aansoeker verhaal.

Besluit deur pad- of openbarevervoerinfrastruktuur-owerheid

17. (1) Na voltooiing van die proses in artikel 13 of 15 beoog, moet die verantwoordelike owerheid alle verslae, kommentaar en vertoë in verband met die voorgestelde handeling oorweeg.

(2) Die verantwoordelike owerheid moet binne 180 dae na die datums in artikel 13(5), 13(11)(a) of 15(5)(c) bedoel, na gelang van die geval, besluit—

- (a) om voort te gaan met die verklaring, verskuiwing, verandering of sluiting van die vervoerinfrastruktuur; of
- (b) om nie daarmee voort te gaan nie, en kennis te dien effekte in elke amptelike taal gee in ten minste een koerant wat in die gebied sirkuleer en in die *Provinsiale Koerant*.

(3) Indien die verantwoordelike owerheid besluit om voort te gaan soos in subartikel (2)(a) beoog, moet hy, voordat hy met die prosedures ingevolge artikel 19 begin, kennis van sy besluit gee in elke amptelike taal in ten minste een koerant wat in die gebied sirkuleer en in die *Provinsiale Koerant*, en 'n tydperk van 30 dae na die datum van publikasie toelaat vir die indiening van app lle.

Reguleringsbeskermingsmaatreëls vir vervoerinfrastruktuur

18. (1) Met ingang van die datum waarop die besluit om met die verklaring van 'n nuwe, verskuifde of gewysigde roete of uitleg van vervoerinfrastruktuur voort te gaan ingevolge artikel 17(3) in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer is tot die datum waarop die vervoerinfrastruktuur ingevolge artikel 19 verklaar is, en ondanks enige andersluidende wet—

- (a) mag geen aansoek vir die stigting van 'n dorp, vir onderverdeling van grond, vir enige verandering van grondgebruik ingevolge enige wet of dorpsbeplanningskema of vir enige magtiging of besluit in die WNOB of WNEH beoog, sonder die skriftelike toestemming vooraf van die verantwoordelike owerheid toegestaan word nie—

- (i) ten opsigte van 'n gebied binne die boulyne van die vervoerinfrastruktuur waarop daardie besluit betrekking het; of
- (ii) op die basis van toekomstige toegang tot die vervoerinfrastruktuur waarop daardie roete of uitleg betrekking het; en
- (b) is artikels 36 tot en met 45 en 51 met die veranderinge wat deur die konteks vereis word, ten opsigte van die betrokke vervoerinfrastruktuur van toepassing. 5
- (2) Vanaf die datum waarop die kennisgewing ingevolge artikel 17(3) in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer is tot die datum waarop die vervoerinfrastruktuur ingevolge artikel 19 verklaar is, en ondanks enige andersluidende wet, mag geen persoon— 10
 - (a) enige pypleiding, elektrisiteitsleiding of -kabel, telefoonlyn of -kabel of enige ander struktuur op, oor of onder die gebied binne die boulyne van die betrokke vervoerinfrastruktuur lê, bou, verander of daartoe byvoeg nie; of
 - (b) enige struktuur van enige aard hoegenaamd op, oor of onder daardie gebied oprig, verander of daartoe byvoeg nie, 15
 uitgesonderd ingevolge 'n bestaande geregistreerde serwituut of—
 - (i) met die skriftelike toestemming vooraf van die verantwoordelike owerheid; of
 - (ii) kragtens 'n padverlofreg uitgereik deur die verantwoordelike owerheid, en ingevolge enige voorwaardes wat deur die verantwoordelike owerheid gestel is. 20- (3) Vanaf die datum waarop vervoerinfrastruktuur ingevolge artikel 19 verklaar is tot voltooiing van die vervoerinfrastruktuur, en ondanks artikel 44 of enige ander andersluidende wet, mag geen aansoek vir 'n verandering in grondgebruik ten opsigte van 'n stuk grond in 'n stedelike gebied binne 250 meter van die grens van die betrokke vervoerinfrastruktuur deur die owerheid wat gemagtig is om veranderinge in grondgebruik toe te staan, toegestaan word nie sonder om eers die skriftelike kommentaar van die verantwoordelike owerheid op die voorgeskrewe wyse te verkry en te oorweeg. 25

Verklaring van vervoerinfrastruktuur

30

- 19.** (1) Die verantwoordelike owerheid kan, behoudens subartikel (5) en die voltooiing van 'n beplanningsproses ooreenkomstig hierdie Deel, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verklaar dat—
- (a) daar vervoerinfrastruktuur op of oor enige grond is ooreenkomstig 'n plan wat in die kennisgewing gepubliseer is of ter insae beskikbaar is op 'n plek en tye wat in die kennisgewing vermeld word; 35
 - (b) bestaande vervoerinfrastruktuur verskuif of verander word soos in die kennisgewing vermeld en op so 'n plan getoon word; of
 - (c) bestaande vervoerinfrastruktuur permanent gesluit word in die mate wat in die kennisgewing vermeld en op so 'n plan getoon word. 40
- (2) Die verantwoordelike owerheid kan, behoudens subartikel (4), by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, 'n verklaring wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, intrek nadat hy die toepaslike beplanningsproses ingevolge artikel 15 onderneem het.
- (3) Wanneer 'n owerheid 'n verklaring ingevolge subartikel (1) gedoen het of 'n verklaring ingevolge subartikel (2) ingetrek het, moet die owerheid besonderhede van die verklaring of die intrekking, na gelang van die geval, in elke amptelike taal publiseer in ten minste een koerant wat in die betrokke gebied sirkuleer. 45
- (4) Behoudens artikel 14 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003), kan 'n verantwoordelike owerheid by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* die gesag, regte, verantwoordelikhede of eienaarskap van vervoerinfrastruktuur gedeeltelik of in die geheel oordra aan 'n ander owerheid ingevolge 'n ooreenkoms met daardie ander owerheid. 50
- (5) 'n Kennisgewing wat ingevolge subartikel (1)(a) uitgereik is, moet vir elke item van vervoerinfrastruktuur wat verklaar word—
- (a) meld watter entiteit die verantwoordelike owerheid vir die vervoerinfrastruktuur sal wees; 55
 - (b) die klassifikasie ingevolge artikel 5 aandui in die geval van 'n pad of spoorlyn, en artikel 7(1) of (2) in die geval van bykomstige vervoerinfrastruktuur;
 - (c) besonderhede verskaf van die breedte of omvang van die reserwe ingevolge artikel 6(2), indien van toepassing, in die geval van 'n pad of spoorlyn, of artikel 7(6) in die geval van bykomstige vervoerinfrastruktuur; 60

- (d) die ligging, roete en reserve van die pad of spoorlyn of die uitleg van ander tersaaklike vervoerinfrastruktuur beskryf deur middel van 'n sketsplan wat by die kennisgewing aangeheg is; en
 - (e) meld dat meer gedetailleerde inligting ter insae lê op 'n plek en op tye in die kennisgewing vermeld. 5
- (6) Waar vervoerinfrastruktuur verskuif of verander is, word die verskuiwing of verandering geag verklaarde vervoerinfrastruktuur te wees van dieselfde klassifikasie as dié wat onmiddellik voor die verklaring van die verskuiwing of verandering op die verskuifde of veranderde vervoerinfrastruktuur van toepassing was.

DEEL 5: PROSEDURES BY SLUITING VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR 10

Permanente sluiting van vervoerinfrastruktuur

- 20.** Die verantwoordelike owerheid moet—
- (a) voor die permanente sluiting van vervoerinfrastruktuur 'n kennisgewing by die punt van sluiting, of by elke punt van die gedeelte of gedeeltes wat gesluit gaan word, oprig en vir ten minste 60 dae vertoon, wat in elke amptelike taal die voorgenome handeling aandui en aan wie kommentaar of besware gerig kan word; en 15
 - (b) na permanente sluiting van vervoerinfrastruktuur, gepaste verkeerstekens en padmerke aanbring wat die publiek van die sluiting waarsku en waar nodig gebruikers verwys na 'n alternatiewe roete, indien van toepassing. 20

Tydlike sluiting of verlegging van paaie of spoorlyne

- 21.** (1) Die verantwoordelike owerheid kan 'n pad of spoorlyn of enige gedeelte daarvan tydelik sluit of verlê of die gebruik daarvan beperk of reguleer—
- (a) vir die doel van of hangende die konstruksie, rehabilitasie, instandhouding of herstel van die pad of spoorlyn; 25
 - (b) vir die doel van of hangende die konstruksie, oprigting, lê, uitbreiding, instandhouding, herstel of sloping van enige gebou, struktuur, werke of diens langs, op, oor, deur, bo-oor of onder daardie pad of spoorlyn;
 - (c) as gevolg van 'n openbare gebeurtenis wat spesiale maatreëls vereis vir die beheer van verkeer of spesiale voorsiening vir die akkommodering van skares; 30
 - (d) om enige ander rede wat sodanige optrede noodsaaklik maak; of
 - (e) op versoek van enige persoon.
- (2) Die verantwoordelike owerheid moet die eienaar van grond wat skade gely het as gevolg van optrede ingevolge hierdie artikel, vergoed tot 'n bedrag van hoogstens die werklike finansiële verlies wat deur die eienaar gely is, soos met die eienaar ooreengekom. 35
- (3) Indien die partye nie ingevolge subartikel (2) ooreenkoms kan bereik nie, is die Onteiningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), van toepassing, met die nodige veranderinge, betreffende vergoeding en die prosedures om dit te bepaal. 40
- (4) Wanneer 'n pad of spoorlyn of 'n gedeelte daarvan ingevolge hierdie artikel gesluit of verlê word, moet die verantwoordelike owerheid gepaste padtekens of merke wat sodanige sluiting of verlegging aandui, in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse oprig en in stand hou by elke punt van die geslote of verlegde deel, vir die duur van die sluiting of verlegging. 45
- (5) 'n Verantwoordelike owerheid moet voor die tydelike sluiting of verlegging van 'n pad of spoorlyn geaffekteerde partye op die voorgeskrewe wyse in kennis stel en ten minste 21 dae voor die sluiting of verlegging, 'n kennisgewing in elke amptelike taal publiseer in ten minste een koerant wat in die gebied sirkuleer, met vermelding van die voorgeskrewe inligting, en ten minste 14 dae toelaat vir belanghebbende en geaffekteerde partye om kommentaar te lewer en versoë te rig. 50
- (6) 'n Persoon kan die verantwoordelike owerheid skriftelik op die voorgeskrewe wyse versoek om 'n pad of spoorlyn tydelik te sluit of te verlê of die gebruik daarvan te beperk of te reguleer, soos in subartikel (1) beoog.
- (7) 'n Persoon wat 'n versoek ingevolge subartikel (6) rig, moet aan die verantwoordelike owerheid die koste, soos deur daardie owerheid bepaal, van voldoening aan die versoek betaal, insluitende die koste om die veiligheid van die gebruikers van die betrokke pad of spoorlyn te verseker. 55

Noodsluiting of -verlegging

- 22.** (1) In noodgevalle, kan die verantwoordelike owerheid vervoerinfrastruktuur sluit of verlê of verkeer op vervoerinfrastruktuur afkeer.
- (2) As daar gevaar vir die publiek, eiendom of verkeer is, moet die owerheid-
- (a) waar die situasie dit toelaat, die owerhede verantwoordelik vir nooddienste in die gebied in kennis stel ten einde optrede te koördineer; en 5
 - (b) waarskuwings- en roeteleidingstekens oprig om veiligheid te verseker en verkeersvloei te fasiliteer.

Publiek se reg om geslote of verlegde pad of spoorlyn te gebruik

- 23.** Die publiek kan 'n pad of spoorlyn of gedeelte daarvan wat ingevolge hierdie Deel gesluit of verlê is, gebruik totdat die verantwoordelike owerheid tekens opgerig het wat die sluiting of verlegging aandui soos in artikel 20(1)(b), 21(4) of 22(2)(b) beoog. 10

DEEL 6: FINANSIERING EN SUBSIDIEREËLINGS

Subsidiereëlins met munisipaliteite

- 24.** (1) 'n Munisipaliteit kan op die voorgeskrewe wyse by die Minister aansoek doen vir die betaling van 'n subsidie ten opsigte van die projekbeplanning, ontwerp, konstruksie, instandhouding of bestuur van enige vervoerinfrastruktuur. 15
- (2) Indien die Minister die aansoek goedkeur, moet 'n skriftelike subsidie-ooreenkoms wat die voorgeskrewe inligting bevat, in die voorgeskrewe vorm tussen die Minister en daardie munisipaliteit aangegaan word. 20
- (3) Die subsidie-ooreenkoms moet bepaal dat die betaling van 'n subsidie onderhewig is aan nakoming deur die munisipaliteit van standarde en riglyne wat deur die Departementshoof bepaal word.
- (4) Waar 'n munisipaliteit voornemens is om aansoek te doen vir 'n subsidie in verband met vervoerinfrastruktuur wat hy beoog om te verklaar, moet hy— 25
- (a) voordat hy met die projekbeplanningsproses ingevolge Deel 4 begin, skriftelik by die Minister aansoek doen vir goedkeuring van die subsidie; en
 - (b) na voltooiing van die projekbeplanningsproses, die Minister voorsien van 'n eksemplaar van die kennisgewing wat ingevolge artikel 17(3) gepubliseer is en alle kommentaar wat ontvang is. 30
- (5) 'n Munisipale pad wat in geheel of gedeeltelik deur die Provinsie befonds of gesubsidieer is onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, kwalifiseer vir 'n subsidie ingevolge hierdie Deel.
- (6) Aansoeke ingevolge subartikel (1) moet, waar toepaslik, in die volgende aktiwiteite ingedeel word: 35
- (a) Aktiwiteite wat noodwendig aangegaan word vir projekbeplanning soos by Deel 4 vereis;
 - (b) ontwerp van vervoerinfrastruktuur;
 - (c) konstruksie;
 - (d) instandhouding of herstelwerk; 40
 - (e) herbedekking van paaie;
 - (f) verlegging van munisipale dienste;
 - (g) oprigting van heinings;
 - (h) instandhouding van strukture, brûe en keermure; en
 - (i) vergoedingsbetaling en ander koste in verband met grondverkryging. 45

Begrotings van uitgawes vir subsidiedoeleindes

- 25.** (1) Nie later nie as 1 Desember elke jaar moet elke munisipaliteit met gesubsidieerde vervoerinfrastruktuur in sy gebied begrotings van uitgawes vir die volgende finansiële jaar aan vervoerinfrastruktuur onder sy gesag ten opsigte waarvan 'n subsidie ingevolge hierdie Wet geëis kan word, aan die Departementshoof voorlê vir goedkeuring. Die begrotings moet in die voorgeskrewe vorm wees. 50
- (2) Indien 'n munisipaliteit versuim om aan subartikel (1) te voldoen, kan die Departementshoof die subsidie wat aan daardie munisipaliteit betaalbaar is, verminder met 'n bedrag wat hy of sy bepaal.

(3) Die Departementshoof kan by die goedkeuring van enige begroting enige voorgestelde uitgawe na oorleg met die munisipaliteit om enige rede wysig of skrap.

(4) 'n Munisipaliteit kan voorgestelde wysigings aan sodanige begroting te eniger tyd aan die Departementshoof voorlê vir goedkeuring.

Berekening van subsidiepersentasie

5

26. (1) Die subsidiepersentasie op gesubsidieerde vervoerinfrastruktuur word soos volg bereken:

(a) Op kapitaalbesteding—

- (i) die persentasie van besteding wat die Minister voorskryf, hetsy in die algemeen of in 'n spesifieke geval, ten opsigte van die konstruksie, 10
verskuiwing of verbreding van paaie of spoorlyne, konstruksie of
verandering van die uitleg van bykomstige vervoerinfrastruktuur, en die
verkryging van eiendom ten einde die reserwe vir paaie, spoorlyne of
bykomstige vervoerinfrastruktuur te verkry of te vergroot; en
- (ii) die persentasie van besteding wat die Minister voorskryf, hetsy in die 15
algemeen of in 'n spesifieke geval, ten opsigte van die verandering,
verlegging of verwydering as gevolg van die konstruksie van
vervoerinfrastruktuur, van enigiets wat vir die lewering van munisipale
dienste gebruik word, insluitende elektrisiteitsvoorsiening of enige
telekommunikasiedienste, enige pyp, paal, staanpaal, draad, kabel, 20
geleier, rioolpyp of toestel; en

(b) op lopende uitgawes, die voorgeskrewe persentasie, wat kan verskil met betrekking tot verskillende tipes vervoerinfrastruktuur.

(2) Die persentasie subsidie vir kapitaal- en lopende uitgawes van 'n openbare vervoerpad wat in geheel binne die reserwe van 'n primêre, hoof-, distriks- of kleinpad 25
is, kan verskil van die subsidie van toepassing op die pad in wie se reserwe dit geleë is.

(3) Geen subsidie ten opsigte van vergoeding wat vir die onteiening van grond vir vervoerinfrastruktuur betaal word, word betaal nie tensy die Departementshoof—

- (a) skriftelik toestemming verleen het om die grond te onteien voordat dit onteien 30
is; en
- (b) die betaling van die vergoeding skriftelik goedgekeur het waar dit by
ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die eienaar bepaal is.

Bepaling van subsidiebedrag van uitgawe

27. (1) Die Departementshoof moet ten opsigte van elke munisipaliteit die bedrag van goedgekeurde kapitaal- en lopende subsidiebesteding per jaar bepaal, behoudens die 35
WOFB, met inagneming van—

- (a) die begroting van uitgawes wat ingevolge artikel 25 voorgelê is;
- (b) die subsidiepersentasies wat ooreenkomstig artikel 26 bereken is;
- (c) die saamgestelde persentasie verhoging per jaar in die totale inkomste van die munisipaliteit gedurende die twee finansiële jare onmiddellik voor die jaar 40
waarvoor die subsidiebedrag van uitgawe bepaal word; en
- (d) ander voorgeskrewe faktore wat die Departementshoof as tersaaklik beskou.

(2) Die Departementshoof kan—

- (a) 'n verhoging van die subsidiebedrag van uitgawe magtig wat nie die voorgeskrewe perke oorskry nie, behoudens die WOFB; 45
- (b) by die bepaling of verhoging van die subsidiebedrag van uitgawe gelas dat enige item in of gedeelte van enige uitgawe nie vir 'n subsidie kwalifiseer nie; en
- (c) by die bepaling van enige subsidiebedrag van uitgawe die voorwaardes in verband daarmee stel wat hy of sy nodig of wenslik ag. 50

(3) 'n Munisipaliteit mag nie, sonder die Departementshoof se skriftelike goedkeuring, die totale subsidiebedrag van uitgawe wat ingevolge hierdie artikel bepaal is, oorskry nie, en as hy dit wel doen, kan die Departementshoof die subsidie betaalbaar aan die munisipaliteit verminder met die bedrag wat hy of sy as gepas beskou.

Huurgeld, verkoop en ander inkomste uit grond met subsidiegeld verkry

55

28. (1) Waar 'n munisipaliteit grond verkry het—

- (a) deur van subsidiegeld gebruik te maak; of

(b) as 'n toewysing van die Provinsie, en 'n huur-, verkoop- of ander ooreenkoms rakende daardie grond of enige deel daarvan aangaan, moet hy die netto inkomste uit die huur-, verkoop- of ander ooreenkoms aan die Provinsie betaal in verhouding tot die subsidiebydrae van die Provinsie tot die verkryging daarvan, behoudens subartikel (2). 5

(2) Die opbrengs van 'n huur-, verkoop- of ander ooreenkoms in subartikel (1) bedoel, kan met die goedkeuring van die Minister—

- (a) waar die betrokke grond in 'n metropolitaanse vervoergebied geleë is soos beoog in artikel 3 van die Wet op Stedelike Vervoer, 1977 (Wet 78 van 1977), gestort word in die Gekonsolideerde Metropolitaanse Vervoerfonds wat by 10 artikel 18 van die Wet op Stedelike Vervoer, 1977, ingestel is, of
- (b) indien die munisipaliteit 'n munisipale landvervoerfonds ingevolge artikel 27 van die NLTA ingestel het, in daardie fonds gestort word.

Gelykgestelde persentasiekoers van subsidie op kapitaalbesteding

29. (1) 'n Munisipaliteit moet, voordat hy begin met enige konstruksie ten opsigte 15 waarvan 'n subsidie op kapitaalbesteding ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, 'n gedetailleerde begroting van uitgawes, ingedeel in subsidieerbare en niesubsidieerbare items, aan die Departementshoof voorlê en hy of sy moet die relatiewe persentasiekoerse van toepassing ten opsigte van die konstruksie gelykstel.

(2) By voltooiing van die konstruksie in subartikel (1) beoog, moet die munisipaliteit 20 'n skriftelike staat van die werklike uitgawe, ingedeel in subsidieerbare en niesubsidieerbare items, aangegaan vir of ten opsigte van die konstruksie aan die Departementshoof voorlê, wat, indien daar afgewyk is van die begroting in subartikel (1) beoog, die gelykgestelde persentasiekoers in daardie subartikel beoog, kan hersien 25 en wysig.

Bydraes uit ander bronne

30. Wanneer uitgawes wat deur 'n munisipaliteit aangegaan is vir of ten opsigte van vervoerinfrastruktuur—

- (a) ten volle befonds word uit 'n ander bron as die munisipaliteit of die Provinsie, kwalifiseer die uitgawes nie vir 'n subsidie nie; 30
- (b) gedeeltelik befonds word uit 'n ander bron as die munisipaliteit of die Provinsie, kwalifiseer net die gedeelte van die uitgawe wat nie aldus befonds word nie, vir 'n subsidie.

Betaling van subsidie

31. (1) Die subsidie moet betaal word na die einde van die finansiële jaar ten opsigte 35 waarvan dit verskuldig is, by voorlegging van 'n eis deur die munisipaliteit in die vorm wat die Departementshoof bepaal.

(2) Die Departementshoof kan voorskotte op subsidies maak, maar die totale bedrag van voorskotte aan 'n munisipaliteit gedurende enige finansiële jaar mag nie 90 persent van die geraamde totale bedrag van subsidies betaalbaar aan daardie munisipaliteit vir 40 daardie finansiële jaar te bowe gaan nie.

(3) Die Departementshoof kan die bedrag van subsidies betaalbaar aan 'n munisipaliteit verminder indien hy of sy rede het om te glo dat enige werk nie ingevolge die ooreenkoms in artikel 24(2) bedoel of ooreenkomstig die standaarde en riglyne in artikel 24(3) bedoel, verrig is nie. 45

Rekords van uitgawes aan vervoerinfrastruktuur

32. Elke munisipaliteit wat 'n subsidie ontvang of aansoek doen vir subsidie, moet 50 alle boeke, rekords, fakture, rekeninge en ander dokumente rakende enige uitgawe deur hom aangegaan aan of in verband met die betrokke vervoerinfrastruktuur, te alle tye beskikbaar hê vir insae deur die Departementshoof.

Vermindering van bepaalde subsidie-uitgawes

33. Indien die totale werklike uitgawe in enige finansiële jaar deur 'n munisipaliteit aangegaan aan of in verband met gesubsidieerde vervoerinfrastruktuur minder is as die geraamde uitgawes wat ingevolge artikel 25(1) voorgelê is—

- (a) mag die werklike bedrag van subsidie-uitgawes nie meer wees nie as— 5
 - (i) die bedrag bereken ooreenkomstig die voorgeskrewe subsidiepersentasie ingevolge artikel 26, tensy dit deur die Departementshoof gemagtig is; of
 - (ii) die werklike uitgawes aan die vervoerinfrastruktuur; en
- (b) moet die som van die bedrae wat uit ander bronne ontvang is soos in artikel 30 beoog, afgetrek word van die totale werklike uitgawes en moet die 10 subsidiebedrag van uitgawe ooreenkomstig die oorblywende gedeelte bepaal word.

DEEL 7: ONTEIENING EN VERGOEDING

Onteiening van eiendom

34. (1) Die verantwoordelike owerheid kan grond, uitgesonderd grond wat deur 'n 15 staatsorgaan besit word, onteien vir die doel van—

- (a) vervoerinfrastruktuurwerke of aktiwiteite wat daarmee in verband staan;
- (b) behoudens die WNOB en enige ander toepaslike wet, die verkryging, ontginning of behandeling, uithaal of verwydering van materiaal insluitende 20 gruis, klip, sand, klei, water uitgesonderd water wat kunsmatig gepomp is vir veesuijing, en enige ander materiaal of stof vir doeleindes by hierdie Wet beoog, buite 'n stedelike gebied;
- (c) die akkommodasie van personeel betrokke by die bou, rehabilitasie, opgradering of instandhouding van vervoerinfrastruktuur, of
- (d) die opberging of instandhouding van voertuie, masjiene, toerusting, 25 gereedskap, voorrade of materiaal.

(2) Die Onteieningswet, 1975, met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is van toepassing op handelinge ingevolge subartikel (1).

(3) 'n Verantwoordelike owerheid kan materiaal uithaal en verwyder op grond wat deur 'n staatsorgaan besit word, maar net ingevolge 'n ooreenkoms met daardie 30 staatsorgaan en behoudens die WNOB en enige ander toepaslike wet.

(4) Waar 'n stuk grond onteien word en die eienaar die verantwoordelike owerheid oortuig dat die res van die grond vir die eienaar nutteloos geword het as gevolg van die onteiening, kan die owerheid daardie restant ook onteien.

(5) Waar 'n verantwoordelike owerheid 'n toegang tot of uitgang uit grond permanent 35 gesluit het en die eienaar van die grond die grond nie voordelig kan gebruik nie as 'n regstreekse gevolg van die sluiting, of die vervoerinfrastruktuurowerheid nie toegang tot sodanige grond kan verskaf nie, kan daardie owerheid die grond onteien.

(6) Waar grond of 'n gedeelte daarvan nadelig geraak word deur die onteiening van ander grond deur 'n verantwoordelike owerheid, kan die owerheid die grond of gedeelte 40 wat aldus geraak word, ook onteien.

(7) Hierdie artikel verhinder nie dat 'n owerheid eiendom vir doeleindes van hierdie Wet verkry deur te koop of te huur of deur enige ander metode as onteiening nie.

Betreding en besitneming van eiendom

35. (1) Waar 'n verantwoordelike owerheid grond of die tydelike gebruik daarvan of 45 enige materiaal daarop benodig vir 'n doel in subartikel (2) bedoel, kan die owerheid of enige persoon wat skriftelik deur hom gemagtig is, na kennis van ten minste 48 uur aan die eienaar of okkupeerder van die grond of materiaal en met die instemming van die eienaar of okkupeerder—

- (a) die grond betree met die nodige werkers, toerusting en voertuie; 50
- (b) die oppervlakte en vlakke van die grond opmeet en bepaal;
- (c) op of in die grond grawe of boor; of
- (d) die grense van die grond of materiaal afbaken.

(2) 'n Verantwoordelike owerheid kan kragtens subartikel (1) optree om—

- (a) die waarde van die betrokke grond of materiaal te bepaal; 55

- (b) 'n inspeksie, navraag, ondersoek of opname te doen in verband met die uitoefening of verrigting van die bevoegdhede, pligte en funksies ingevolge hierdie Wet verleen of opgedra;
 - (c) enige struktuur, apparaat, toestel, installasie of enige ander ding wat ingevolge hierdie Wet deur of namens daardie owerheid op sodanige grond gebou, opgerig of geplaas is, te inspekteer, in stand te hou en te herstel; of
 - (d) hom in staat te stel om enige van sy ander funksies ingevolge hierdie Wet te verrig.
- (3) Waar 'n eienaar of okkupeerder toestemming weier vir 'n owerheid of persoon deur sodanige owerheid gemagtig om ingevolge subartikel (1) op te tree, moet die owerheid die eienaar of okkupeerder skriftelik versoek om redes vir die weiering te verstrek binne die tyd wat die owerheid toelaat, wat minstens sewe dae moet wees. 10
- (4) Die eienaar of okkupeerder moet redes vir die weiering skriftelik verstrek binne die tyd wat die owerheid ingevolge subartikel (3) bepaal.
- (5) Indien sodanige redes nie verstrek word nie binne die tyd wat aldus bepaal is, of nie vir die owerheid aanvaarbaar is nie, kan die owerheid by 'n hof met jurisdiksie aansoek doen vir 'n bevel wat enige handeling ingevolge subartikel (1) magtig. 15
- (6) So 'n hof kan, as hy die bevel gee, die eienaar of okkupeerder gelas om die koste van die aansoek te betaal, waar gepas op 'n skaal van prokureur en kliënt, as hy oortuig is dat die owerheid redelik opgetree het vir die doeleindes van hierdie Wet. 20
- (7) Ondanks subartikels (3), (4) en (5) kan die verantwoordelike owerheid, sonder om kennis te gee ingevolge subartikel (3) of vir 'n hofbevel aansoek te doen ingevolge subartikel (5), enige handeling verrig wat in subartikel (1) beoog word, waar daardie handeling dringend vereis word om die dood van of besering aan persone of wesenlike skade aan eiendom te voorkom. 25
- (8) 'n Verantwoordelike owerheid kan oor grond beweeg om toegang tot ander grond te kry vir die doeleindes in subartikel (2) beoog, met die nodige werkers, toerusting en voertuie, met die instemming van die eienaar of okkupeerder van eersgenoemde grond, en indien sodanige instemming geweier word, is subartikels (3), (4), (5), (6) en (7) met die nodige veranderinge van toepassing. 30
- (9) Waar toegang ingevolge hierdie artikel verkry word tot grond wat omhein is sonder 'n hek, kan die verantwoordelike owerheid 'n hek in die heining oprig wat beman moet word, en wanneer dit onbeman is, moet dit van 'n slot voorsien wees, en die hek moet behoorlik gesluit gehou word.
- (10) Indien enige persoon skade gely het as gevolg van die uitoefening van 'n bevoegdheid wat by hierdie artikel verleen is, moet die verantwoordelike owerheid die skade op sy koste herstel of skadevergoeding of vergoeding ten opsigte daarvan ingevolge die Onteieningswet, 1975, aan daardie persoon betaal. 35

DEEL 8: BESTUUR EN BEHEER VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR EN AANGRENSENDE GROND

40

Verbod op sekere advertensies op of sigbaar vanaf vervoerinfrastruktuur

- 36.** (1) Behoudens regulasies in artikel 37 beoog, mag niemand 'n advertensie vertoon of laat vertoon of toelaat dat dit vertoon word nie op of deur middel van 'n vaste struktuur of 'n staande voertuig toegerus vir die spesifieke doel van advertensie, uitgesonderd met die vooraf skriftelike toestemming van die verantwoordelike owerheid, indien die advertensie- 45
- (a) sigbaar is vanaf 'n pad buite 'n stedelike gebied;
 - (b) binne 50 meter van die grens van die reserwe van 'n pad, uitgesonderd 'n deurpad in 'n stedelike gebied, is en vanaf daardie pad sigbaar is; of
 - (c) binne 250 meter van die grens van die reserwe van 'n deurpad in 'n stedelike gebied is en vanaf daardie deurpad sigbaar is. 50
- (2) Geen persoon mag in, op of bokant enige vervoerinfrastruktuur-
- (a) 'n advertensie vertoon of veroorsaak of onderneem om dit te vertoon nie; of
 - (b) 'n bord, kennisgewingraamwerk, steierwerk of ander toestel oprig, bou, plaas of uitstal deur middel waarvan 'n advertensie vertoon kan word nie. 55
- (3) Subartikels (1) en (2) is nie van toepassing nie op die vertoon van 'n advertensie-
- (a) wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet of voor die betrokke vervoerinfrastruktuur ingevolge artikel 19 verklaar is, wettig vertoon is so lank dit deurlopend op dieselfde plek vertoon word; of

(b) wat ingevolge 'n wet vertoon moet word en streng ingevolge daardie wet vertoon word.

(4) Toestemming deur die verantwoordelike owerheid ingevolge subartikel (1) verleen nie vrystelling van ander wette waarvoor verdere goedkeuring deur 'n munisipaliteit of enige ander owerheid vereis word nie. 5

(5) Indien 'n munisipaliteit 'n verordening uitvaardig wat die vertoning van advertensies op of sigbaar van munisipale vervoerinfrastruktuur in sy regsgebied reguleer, is hierdie artikel en artikels 37 tot 39 nie op daardie munisipale vervoerinfrastruktuur van toepassing nie, tensy die verordening anders bepaal.

Regulasies rakende advertensies op of sigbaar vanaf vervoerinfrastruktuur 10

37. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig rakende advertensies in artikel 36 bedoel.

(2) Sonder om die wye omvang van subartikel (1) in te kort, kan regulasies wat ingevolge subartikel (1) uitgevaardig word, voorsiening maak vir—

- (a) die klassifikasie van vervoerinfrastruktuur in kategorieë op die basis van hulle natuurtoon-, omgewingskundige of argitektoniese belang, of op ander soortgelyke gronde, met die doel om te onderskei tussen die tipes advertensies wat in elke kategorie toegelaat word; 15
- (b) die klassifikasie van advertensies in kategorieë met die doel om die vertoning of oprigting daarvan te reguleer en te beheer; 20
- (c) die prosedures wat gevolg moet word by aansoek vir toestemming in artikel 36(1) beoog en die gelde betaalbaar by aansoek vir sodanige toestemming;
- (d) die assessering van die implikasies van advertensies vir die veiligheid van verkeer en vervoerbedryf;
- (e) metodes van vertoning en verligting van advertensies; 25
- (f) die veiligheid, aanvaarbaarheid en welvoeglikheid van advertensies;
- (g) die ontwerp en konstruksie van advertensies en hulle steunstrukture, posisie, instandhouding, verandering en toekomstige verwydering; of
- (h) die kategorieë advertensies wat opgerig of vertoon kan word sonder die vooraf skriftelike toestemming van die verantwoordelike owerheid, op die grondslag van kriteria wat in die regulasies uiteengesit word. 30

Verwydering van ongemagtigde advertensies

38. (1) Die verantwoordelike owerheid kan 'n advertensie verwyder wat in die reserwe van die vervoerinfrastruktuur opgerig is en strydig met hierdie Wet vertoon word. 35

(2) Enigiemand wat 'n advertensie strydig met die bepalings van hierdie Wet vertoon of toelaat dat dit aldus vertoon word, en wat by skriftelike kennisgewing deur die verantwoordelike owerheid gelas is om dit te verwyder, moet dit doen binne die tydperk in die kennisgewing vermeld, wat nie korter as 14 dae mag wees nie.

(3) Indien die persoon aan wie 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2) gerig is, versuim om die advertensie te verwyder binne die tydperk daarin vermeld, kan die verantwoordelike owerheid die nodige regstappe doen om die advertensie te laat verwyder en die regs- en ander koste van die verwydering van die advertensie van daardie persoon verhaal. 40

Vermoedens rakende advertensies 45

39. Vir die doeleindes van hierdie Wet word 'n advertensie geag vertoon te word of toegelaat te wees om vertoon te word—

- (a) deur die persoon wat dit opgerig het of dit andersins laat verskyn het;
- (b) waar dit verband hou met 'n produk of artikel wat deur 'n bepaalde persoon geproduseer of vervaardig word, deur daardie persoon; 50
- (c) waar dit verband hou met 'n diens wat deur 'n bepaalde persoon gelewer word, of 'n sakeonderneming of plek wat deur 'n bepaalde persoon besit word, deur daardie persoon; of
- (d) deur die persoon wat die grond besit of okkupeer waarop die advertensie opgerig is of vertoon word. 55

Toegang tot en uitgang uit vervoerinfrastruktuur

40. (1) Behoudens subartikels (2) en (4) mag geen persoon—
- (a) vervoerinfrastruktuur deur middel van voertuigvervoer binnegaan of verlaat nie behalwe deur 'n wettig opgerigte padbaan, hek, brug of ander oorgang;
 - (b) waar toegang tot of uitgang uit vervoerinfrastruktuur na of van aangrensende grond versper word deur 'n wettig opgerigte heining, muur, heg, sloot, voor of soortgelyke hindernis langs of naby die kant van die vervoerinfrastruktuur, die vervoerinfrastruktuur deur middel van voertuig- of niegemotoriseerde vervoer binnegaan of verlaat nie behalwe deur 'n wettig opgerigte padbaan, hek, brug, oorklimtrap of ander oorgang; of
 - (c) 'n ingang tot of uitgang uit vervoerinfrastruktuur bou op enige manier wat aan voertuig- of niegemotoriseerde vervoer toegang tussen die vervoerinfrastruktuur en enige ander eiendom verleen nie, tensy die verantwoordelike owerheid die bou daarvan skriftelik gemagtig het.
- (2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op 'n wettig opgerigte toegangspadbaan, hek, brug, oorklimtrap of ander oorgang wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan het en gebruik is en wat nie te eniger tyd daarna gesluit of verwyder is nie.
- (3) Niemand mag grond onderverdeel wat na onderverdeling die oprigting van 'n padbaan, hek, brug, oorklimtrap of ander oorgang sal vereis om toegang tot of uitgang uit vervoerinfrastruktuur te verkry nie, tensy die verantwoordelike owerheid die onderverdeling goedgekeur het.
- (4) 'n Verantwoordelike owerheid mag nie 'n aansoek vir toegang in subartikel (1)(c) bedoel deur die eienaar van 'n onderverdeelde eiendom wat die gevolg van die onderverdeling van sy of haar oorspronklike eiendom is, weier nie indien daar sodoende geen ander redelike toegang tot of uitgang uit die onderverdeelde eiendom na of van vervoerinfrastruktuur beskikbaar is nie, waar—
- (a) 'n landmeter die onderverdeelde eiendom opgemeet het en 'n diagram daarvan by die Landmeter-generaal ingedien het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet; en
 - (b) na die opmeting van die eiendom en die datum van indiening van die diagram by die Landmeter-generaal, en voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n ander persoon as die eienaar van die eiendom waarvan die onderverdeelde eiendom 'n deel uitgemaak het op die tyd toe genoemde opmeting gedoen is, die eienaarskap van daardie onderverdeelde eiendom verkry het of 'n verkoopsooreenkoms gesluit het om dit te verkry,
- tensy die padbaan, hek, brug, oorklimtrap of ander oorgang wat vir toegang tot of uitgang uit die vervoerinfrastruktuur gebruik moet word, onveilig is of onbestaanbaar is met die standaarde en riglyne vir toegang tot die vervoerinfrastruktuur wat deur die Departementshoof of die betrokke munisipaliteit bepaal word.
- (5) By die oorweging van 'n aansoek vir toegang ingevolge subartikel (1)(c) of 'n aansoek vir onderverdeling ingevolge subartikel (3) moet die owerheid ag slaan op die vereistes van—
- (a) 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of verkeersaarbestuursplan wat die voorwaardes aandui waarop so 'n toegang goedgekeur kan word; of
 - (b) by gebrek aan so 'n plan, standaarde en riglyne oor die verlening van toegang tot vervoerinfrastruktuur wat deur die Departementshoof of deur die betrokke munisipaliteit opgestel is.
- (6) Die verantwoordelike owerheid kan—
- (a) by die verlening van magtiging ingevolge subartikel (1)(c)—
 - (i) die aard van die toegangspadbaan, hek, brug, oorklimtrap of ander oorgang en die plek waar en wyse waarop dit opgerig moet word, bepaal; en
 - (ii) ander voorwaardes in verband daarmee of in verband met die gebruik daarvan stel wat hy nodig ag; en
 - (b) die magtiging intrek indien enige vereiste of voorwaarde wat ingevolge paragraaf (a) gestel is, nie nagekom word nie.
- (7) 'n Owerheid moet, by die verlening van toegang aan voetgangers of fietsryers van 'n aanliggende eiendom tot enige vervoerinfrastruktuur, verseker dat sulke voetgangers of fietsryers van veilige roetes en kruisings voorsien word.

Verskuiwing of sluiting van toegang tot of uitgang uit pad

41. (1) Die verantwoordelike owerheid kan by skriftelike lasgewing waarin die redes vir die bevel gegee word, die eienaar van grond wat toegang tot of uitgang uit 'n pad oor daardie grond het, hetsy regstreeks of deur 'n toegangspad, gelas om die toegang of uitgang te verskuif, te beperk of te sluit, op die wyse of in die mate en vir die tydperk in die kennisgewing vermeld, of permanent. 5

(2) Waar die verskuiwing, beperking of sluiting ingevolge subartikel (1) van 'n toegang tot of uitgang uit 'n pad die verandering, herplasing, heroprigting of rekonstruksie van 'n hek, private motorhuis of inrypad noodsaak, moet die verantwoordelike owerheid, behoudens subartikels (3) en (4)— 10

(a) die werk wat aldus genoodsaak word, op sy eie koste uitvoer; of

(b) die betrokke eienaar toelaat om die werk op die koste van daardie owerheid uit te voer.

(3) Die aanspreeklikheid van die verantwoordelike owerheid ingevolge subartikel (2) is beperk tot die koste van die vervanging van hekke, motorhuise of inrypaaie van 'n standaard soortgelyk aan dié wat ingevolge subartikel (2) verander, herplaas, heropgerig of herbou moet word. 15

(4) Die verantwoordelike owerheid is nie vir die koste van die vervanging van enige hek, private motorhuis of inrypad aanspreeklik nie waar die toegang tot of uitgang uit die betrokke pad strydig met enige wet verkry is. 20

(5) Waar die eienaar van grond wat toegang tot 'n pad verkry, aansoek doen vir en toestemming kry van die verantwoordelike owerheid om die toegang te verskuif, is daar geen aanspreeklikheid op daardie owerheid om tot die koste van die verskuiwing by te dra nie.

Verbod om sekere artikels of materiaal op of naby vervoerinfrastruktuur te plaas of te laat 25

42. (1) Niemand mag—

(a) 'n voertuig of masjien in onbruik of 'n onderdeel daarvan in onbruik of enige vullis op vervoerinfrastruktuur plaas of laat nie; of

(b) sonder die vooraf skriftelike toestemming van die verantwoordelike owerheid of strydig met 'n voorwaarde gestel deur daardie owerheid en in die skriftelike toestemming uiteengesit, 'n voertuig, masjien of onderdeel daarvan in onbruik of enige vullis binne 200 meter van die middellyn van 'n pad of spoorlyn plaas of laat sodat dit van daardie pad of spoorlyn sigbaar is nie. 30

(2) Die verantwoordelike owerheid kan 'n voertuig, masjien of 'n onderdeel daarvan in onbruik of vullis wat op vervoerinfrastruktuur aangetref word, verwyder en kan die koste van die verwydering verhaal van die persoon wat dit daar geplaas of gelaat het. 35

(3) Indien 'n voertuig, masjien, onderdeel of vullis strydig met subartikel (1)(b) op grond geplaas of gelaat word, kan die verantwoordelike owerheid die eienaar of okkupeerder van die grond of die persoon wat dit daar geplaas of gelaat het, by skriftelike kennisgewing gelas om dit te verwyder of om die nodige stappe te doen om dit nie meer sigbaar te maak nie binne die tydperk in die kennisgewing vermeld, wat minstens 14 dae na die datum van die kennisgewing moet wees. 40

(4) Indien 'n persoon aan wie die kennisgewing in subartikel (3) bedoel gerig is, versuim om daaraan te voldoen, kan die verantwoordelike owerheid die voertuig, masjien, onderdeel of vullis van daardie grond af verwyder of enige stappe doen wat hy nodig ag om dit onsigbaar te maak, en kan hy die koste van daardie persoon verhaal. 45

Strukture en ander werke op, oor of onder reserwes van vervoerinfrastruktuur of binne boulyne of boubeperkingsgebiede

43. (1) Ondanks enige ander wet, maar behoudens subartikel (5), mag niemand, behalwe met die vooraf skriftelike toestemming van, en ooreenkomstig standarde en spesifikasies goedgekeur deur die verantwoordelike owerheid, 'n aktiwiteit in subartikel (2) genoem, verrig of veroorsaak of toelaat dat dit verrig word nie— 50

(a) op of binne die reserwe van vervoerinfrastruktuur;

(b) binne die boulyne van vervoerinfrastruktuur; of

(c) in 'n boubeperkingsgebied. 55

- (2) Die aktiwiteite in subartikel (1) beoog, is die volgende:
- (a) Die oprigting of installering van 'n struktuur of ander ding wat vas is aan die grond waarop dit staan, insluitende 'n struktuur of ding wat nie deel van daardie grond uitmaak nie;
 - (b) die bou of lê van enigiets onder of onderdeur die oppervlak van grond; 5
 - (c) die bou van enigiets wat oor die betrokke grond uitsteek;
 - (d) die dra van elektriese of ander drade of pypleidings oor of die lê van ondergrondse kables of pypleidings oor, onder of op die betrokke grond; of
 - (e) die maak van enige strukturele byvoeging of verandering aan enige struktuur of ding in paragraaf (a), (b), (c) of (d) bedoel. 10
- (3) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op—
- (a) die voltooiing van 'n struktuur waarvan die oprigting begin het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet of voor die beperking van die betrokke boulyn of boubeperkingsgebied van krag geword het; of
 - (b) 'n omheining, heining, muur of heg wat nie hoër as 1,6 meter bo die oppervlak van die grond is waarop dit staan nie. 15
- (4) 'n Persoon kan op die voorgeskrewe wyse en teen betaling van die voorgeskrewe geld by die verantwoordelike owerheid aansoek doen vir 'n afwyking van beperkings wat deur 'n boulyn of boubeperkingsgebied in subartikel (1) bedoel gestel is.
- (5) So 'n aansoek kan toegestaan of geweier word met inagneming van die aard van die betrokke vervoerinfrastruktuur, die ontwikkeling of voorgestelde ontwikkeling aangrensend daaraan en ander faktore wat deur daardie owerheid as tersaaklik beskou word. 20
- (6) Waar die aansoeker nie die eienaar van die grond is nie waarop die aansoek betrekking het, moet die aansoeker tot tevredenheid van die verantwoordelike owerheid toon dat hy of sy gemagtig is om namens die eienaar te onderhandel en dat die voorstel vir die eienaar aanneemlik is. 25
- (7) By die verlening van toestemming ingevolge subartikel (5) kan die owerheid—
- (a) spesifikasies stel waaraan die struktuur, voorwerp, verandering of byvoeging moet voldoen; 30
 - (b) die wyse en omstandighede en die plek bepaal waar en die voorwaardes waarop dit opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê mag word;
 - (c) pligte bepaal wat deur die eienaar van die grond, die aansoeker of ander persone nagekom moet word met betrekking tot die voorgestelde handeling;
 - (d) 'n plig stel om die owerheid te vergoed vir koste aangegaan vir die monitering van die aktiwiteite in paragrawe (a), (b) en (c) bedoel, hetsy voor die begin van die werk of in 'n later stadium; of 35
 - (e) 'n plig stel om huur te betaal soos deur die owerheid bepaal vir die gebruik of okkupasie van grond wat hy besit of onder sy gesag is.
- (8) Indien toestemming ingevolge subartikel (5) verleen word op voorwaarde dat 'n struktuur of voorwerp in 'n later stadium verwyder moet word, is geen vergoeding vir die verwydering aan die eienaar van die struktuur of voorwerp of aan sy of haar opvolgers in titel betaalbaar nie, tensy die owerheid anders ooreenkom. 40
- (9) Die Registrateur van Aktes met jurisdiksie moet op die skriftelike versoek van die verantwoordelike owerheid die voorwaarde in subartikel (8) bedoel, op die titelakte van die grond wat daardeur geraak word en in die gepaste registers aanteken, en die koste in verband met daardie aantekening moet betaal word deur die persoon aan wie die toestemming verleen is. 45
- (10) 'n Munisipaliteit moet met die Departementshoof oorleg pleeg voordat hy stappe ingevolge subartikels (4) en (5) doen ten opsigte van gesubsidieerde vervoerinfrastruktuur. 50
- (11) Waar 'n persoon 'n struktuur of voorwerp opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê het sonder die toestemming wat by subartikel (1) vereis word of strydig met sodanige toestemming, kan die verantwoordelike owerheid daardie persoon by skriftelike kennisgewing gelas om dit te verwyder binne 'n tyd wat in die kennisgewing vermeld word maar wat nie korter as 30 dae na die datum van die kennisgewing mag wees nie. 55
- (12) Indien die persoon aan wie so 'n kennisgewing in subartikel (11) bedoel uitgereik is, versuim om aan die kennisgewing te voldoen binne die tydperk daarin vermeld, kan die verantwoordelike owerheid die struktuur verwyder en die koste van die verwydering van daardie persoon verhaal. 60
- (13) Ondanks subartikel (3) kan die verantwoordelike owerheid 'n struktuur of voorwerp in subartikel (2) beoog wat geïnstalleer, opgerig, gebou of gelê is voor die

datum waarop die betrokke vervoerinfrastruktuur verklaar is, verwyder of verskuif na 'n plek wat hy bepaal.

(14) Waar 'n persoon ingevolge 'n wet verplig is om 'n struktuur of voorwerp wat aldus opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê is, te verwyder of te verskuif, kan die verantwoordelike owerheid die koste van die verwydering of verskuiwing van daardie persoon verhaal. 5

Beperkings op veranderinge in grondgebruik

44. (1) Enige persoon wat van voorneme is om 'n ontwikkeling te onderneem wat 'n verandering of intensivering van grondgebruik behels in 'n gebied aangrensend aan—

- (a) vervoerinfrastruktuur in paragrawe (a) en (b) van subartikel (2) bedoel; of 10
- (b) voorgestelde vervoerinfrastruktuur in artikel 18(3) bedoel,

moet, waar 'n verkeersimpakbepaling of 'n openbarevervoerbepaling wat ingevolge die NLTA voorgeskryf word, vereis word—

- (i) goedkeuring vir die voorgestelde ontwikkeling van die verantwoordelike owerheid kry; 15
- (ii) enige versagtingsmaatreëls implementeer wat by die verlening van daardie goedkeuring deur daardie owerheid vereis word; en
- (iii) die goedkeuring verkry van die owerheid wat by magte is om goedkeuring vir sodanige veranderinge of intensivering te verleen.

(2) 'n Landmeter-generaal mag nie 'n algemene plan of diagram van erwe, standplase, persele of hoewes wat saam 'n dorp uitmaak of enige ander onderverdeling goedkeur nie indien enige deel van die dorp of onderverdeling binne-

- (a) 100 meter van die naaste grens van 'n pad of spoorlyn buite 'n stedelike gebied val; of
- (b) 50 meter van die naaste grens van 'n pad of spoorlyn in 'n stedelike gebied 25

tensy—

- (i) die verantwoordelike owerheid 'n plan of skets van die voorgestelde dorp of onderverdeling goedgekeur het; en
- (ii) die algemene plan of diagram wesenlik met daardie plan ooreenstem. 30

(3) 'n Verantwoordelike owerheid kan weier om ingevolge subartikel (2) goedkeuring te verleen slegs indien hy oortuig is dat die voorgestelde dorp of onderverdeling 'n doelwit van hierdie Wet sal verydel.

(4) 'n Verantwoordelike owerheid kan ingevolge subartikel (2) goedkeuring verleen behoudens voorwaardes wat— 35

- (a) die verdeling of verdere verdeling van die grond of van 'n bepaalde deel daarvan verbied;
- (b) die gebruik beperk waarvoor die grond of 'n bepaalde deel daarvan aangewend mag word;
- (c) die getal of omvang beperk van geboue of ander strukture wat op die grond of 'n bepaalde deel daarvan opgerig mag word; of 40
- (d) die oprigting, konstruksie of vestiging belet van 'n struktuur of voorwerp op, oor of onder die oppervlak van die grond of 'n bepaalde deel daarvan of binne 'n bepaalde afstand van die onderhawige pad of spoorlyn.

(5) By die verlening van die goedkeuring in subartikel (4) bedoel kan die verantwoordelike owerheid bepaal dat indien die grond of 'n bepaalde deel daarvan met ander grond gekonsolideer word, die titel op die gekonsolideerde grond onderhewig sal wees aan 'n voorwaarde wat kragtens subartikel (4) gestel is.

(6) 'n Verantwoordelike owerheid kan 'n voorwaarde in subartikel (4) bedoel, intrek of wysig. 50

(7) Ondanks andersluidende bepalinge in die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937)—

- (a) moet die persoon wat oordrag gee van grond waarop voorwaardes in subartikel (4) bedoel van toepassing is, dit in die transportakte invoeg;
- (b) moet die Registrateur van Aktes op die titelakte van die grond wat behou word deur die persoon wat oordrag gee, elk van daardie voorwaardes endosseer wat van toepassing is op die grond wat aldus behou word; en 55
- (c) moet 'n sertifikaat van gekonsolideerde titel uitgereik ten opsigte van gekonsolideerde grond in subartikel (5) bedoel, elke voorwaarde bevat waaraan die titel op daardie grond onderhewig is aan 'n bepaling gemaak 60 ingevolge daardie subartikel.

(8) Die verantwoordelike owerheid kan nakoming van enige voorwaarde in subartikel (7) bedoel afdwing.

(9) Ondanks andersluidende bepalings in die Registrasie van Aktes Wet, 1937, of ander wette kan 'n Registrateur van Aktes, met die verantwoordelike owerheid se skriftelike goedkeuring, 'n voorwaarde kanselleer wat ingevolge subartikel (7) in 'n transportakte of sertifikaat van gekonsolideerde titel ingevoeg is of op 'n titelakte geëndosseer is. 5

(10) Die kansellasië in subartikel (9) bedoel kan gedoen word op die skriftelike aansoek van die eienaar van die grond, vergesel van die verantwoordelike owerheid se skriftelike goedkeuring en bewys dat alle verbandhouders van die voorgestelde kansellasië in kennis gestel is. 10

Afstandaanwysers, padwysers en waarskuwings op paaie

45. Behoudens die Nasionale Padverkeerswet, moet elke padowerheid—

- (a) rigtingaanwysers oprig en in stand hou by die aansluiting van elke pad waarvan hy die padowerheid is, met enige ander pad en enige nasionale pad; 15
en
- (b) die afstandaanwysers, padwysers, aanwysings en waarskuwings oprig en in stand hou wat nodig of wenslik is vir die veiligheid of leiding van die publiek.

Obstruksies en vry ruimtes

46. (1) Die verantwoordelike owerheid kan by skriftelike kennisgewing van die eienaar of okkupeerder van enige grond aangrensend aan 'n pad of spoorlyn vereis om die hoogte of breedte van enige boom, bos, plantegroei, muur, heg, heining of enige ander obstruksie rakende die pad of spoorlyn of die kruising met enige ander pad of spoorlyn wat die sig van 'n bestuurder kan belemmer of onveilige toestande kan veroorsaak, te verminder tot 'n hoogte, breedte of lengte in die bevel vermeld. 25

(2) Indien die eienaar of okkupeerder versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel binne die tyd in die kennisgewing vermeld, tot tevredenheid van die verantwoordelike owerheid, kan die verantwoordelike owerheid die grond betree en die nodige werk doen, en kan hy die koste daarvan van die eienaar of okkupeerder verhaal. 30

Heinings langs of binne grense van vervoerinfrastruktuur

47. (1) Die verantwoordelike owerheid kan 'n heining oprig—

- (a) langs die grens van vervoerinfrastruktuur;
- (b) rondom grond van waar materiaal deur die owerheid uitgehaal en verwyder is of word; of 35
- (c) rondom watervoorsiening wat deur die owerheid verskaf of gebruik word.

(2) Die verantwoordelike owerheid moet ten minste 60 persent bydra van die redelike koste wat deur 'n persoon aangegaan is by die oprigting van 'n heining volgens standarde en spesifikasies deur die owerheid goedgekeur, langs die grens van vervoerinfrastruktuur as gevolg van— 40

- (a) die uitreiking van 'n kennisgewing ingevolge artikel 48(5) wat die oprigting van 'n hek verbied; of
- (b) die verwydering met die goedkeuring van daardie owerheid van een of meer hekke van die vervoerinfrastruktuur ingevolge daardie artikel.

(3) Die verantwoordelike owerheid kan bydra tot die koste aangegaan deur 'n persoon by die oprigting van 'n heining langs die grens van vervoerinfrastruktuur in gevalle wat nie in subartikel (2) beoog word nie, indien die heining gebou word volgens standarde en spesifikasies wat deur daardie owerheid goedgekeur is. 45

(4) Enige bykomende koste aangegaan by die oprigting van 'n heining, insluitende 'n wildheining, volgens spesifikasies van 'n hoër standaard as dié wat deur die verantwoordelike owerheid vereis word, is nie deur daardie owerheid betaalbaar nie, tensy anders ooreengekom deur die owerheid. 50

(5) Niemand anders as die verantwoordelike owerheid mag—

- (a) 'n heining op of binne die grense van enige vervoerinfrastruktuur oprig nie, behalwe met die vooraf skriftelike toestemming van, en ooreenkomstig standarde en spesifikasies bepaal deur, daardie owerheid; of 55

- (b) sonder skriftelike toestemming vooraf van daardie owerheid 'n heining wat ooreenkomstig hierdie artikel op of binne die grense van enige vervoerinfrastruktuur opgerig is, verwyder nie.
- (6) 'n Owerheid mag nie toestemming vir die verwydering van 'n heining in subartikel (5)(b) beoog verleen nie tensy— 5
- (a) die toestand van die heining die vervanging daarvan vereis; of
- (b) die eienaar van die grond waarop dit geleë is, skriftelik onderneem om die koste te dra van die verwydering en heroprigting van die heining ooreenkomstig standarde en spesifikasies wat daardie owerheid bepaal.
- (7) Alle heinings wat wettig opgerig is en onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet op of binne die grense van vervoerinfrastruktuur bestaan, word geag behoorlik opgerig te wees met die toestemming van die verantwoordelike owerheid. 10
- (8) Die verantwoordelike owerheid kan 'n heining in subartikel (7) bedoel, te eniger tyd verwyder maar moet dit op sy eie koste vervang met 'n heining op die grens van die betrokke vervoerinfrastruktuur. 15
- (9) Die verantwoordelike owerheid moet—
- (a) enige heining wat in stryd met hierdie artikel opgerig is, verwyder en dit heroprig op die grens van die betrokke vervoerinfrastruktuur; en
- (b) enige heining wat in stryd met hierdie artikel verwyder is, heroprig op die grens van die betrokke vervoerinfrastruktuur. 20
- (10) Waar vervoerinfrastruktuur verskuif word, kan die verantwoordelike owerheid, indien hy bygedra het tot die koste van 'n heining langs daardie vervoerinfrastruktuur, die heining verskuif na die nuwe ligging van die vervoerinfrastruktuur.
- (11) Behoudens die Omheiningswet, 1963 (Wet 31 van 1963), moet die eienaar van grond wat aan vervoerinfrastruktuur grens, enige heining wat wettig op of binne daardie grens opgerig is, in stand hou. 25
- (12) Waar 'n heining op of binne die grens van vervoerinfrastruktuur beskadig of gesteel is—
- (a) waar geld nie verhaal word nie van die persoon wat vir die skade of diefstal verantwoordelik is, moet die verantwoordelike owerheid ten minste 60 persent van die redelike koste bydra wat deur die eienaar van die aangrensende grond aangegaan is om die heining te herstel tot die standarde van die beskadigde of gesteelde heining; 30
- (b) moet herstelwerk aan beskadigde of gesteelde heinings deur die eienaar van die aangrensende grond gedoen word hoogstens 21 dae nadat die skade of diefstal plaasgevind het; en 35
- (c) totdat herstelwerk voltooi is, is die eienaar van die aangrensende grond verantwoordelik om te verseker dat geen vee wat gebruikers van die vervoerinfrastruktuur in die gevaar kan stel, die vervoerinfrastruktuur binnegaan nie. 40
- (13) Die verantwoordelike owerheid kan 'n heining wat ingevolge hierdie artikel opgerig is of geag word opgerig te wees, te eniger tyd op sy koste vervang.

Hekke oor paaie

- 48.** (1) Niemand mag 'n hek oor 'n pad oprig nie, behalwe met die vooraf skriftelike goedkeuring van, en ooreenkomstig standarde en spesifikasies goedgekeur deur, die verantwoordelike owerheid. 45
- (2) In die geval van 'n primêre, hoof- of distrikspad buite 'n stedelike gebied mag sodanige goedkeuring nie verleen word nie tensy—
- (a) die verantwoordelike owerheid bereid is om 'n motorhek oor die padbaan langs die hek aan te bring; 50
- (b) in die geval van 'n pad ten opsigte waarvan 'n subsidie betaalbaar is, die Minister in kennis gestel is van die voorgestelde oprigting van 'n hek en geleentheid gebied is om kommentaar te lewer; en
- (c) die persoon wat aansoek doen vir goedkeuring, sekuriteit aan die padowerheid verskaf het vir die betaling van ten minste 50 persent van die koste van die bou van die motorhek. 55
- (3) Die verantwoordelike owerheid moet 'n hek verwyder wat strydig met hierdie artikel opgerig is.
- (4) 'n Padowerheid wat goedkeuring ingevolge subartikel (2) verleen het, moet die motorhek bou óf gelyktydig met óf so gou moontlik na die konstruksie van die hek. 60

(5) Die Minister kan die oprigting van hekke oor enige tipe of kategorie pad, of enige spesifieke pad of gedeelte daarvan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* of by regulasie verbied.

(6) 'n Padowerheid kan, na voldoening aan subartikel (7), 'n hek wat ingevolge hierdie artikel oor 'n pad opgerig is, verwyder.

(7) 'n Padowerheid wat voornemens is om 'n hek ingevolge subartikel (6) te verwyder, moet elke eienaar van grond wat nadelig geraak kan word deur die verwydering, by skriftelike kennisgewing in kennis stel van sy voorneme en dat besware daarteen by die owerheid aangeteken kan word voor of op 'n datum in die kennisgewing vermeld, wat ten minste 21 dae na die datum van die kennisgewing moet wees.

Motorhekke

49. (1) 'n Padowerheid kan 'n motorhek oor 'n pad bou of kan so 'n motorhek sluit of verskuif, met dien verstande dat, waar nodig, die motorhek saam met 'n hek langs die motorhek bedryf word.

(2) 'n Motorhek en hek wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet wettiglik bestaan ooreenkomstig die Ordonnansie, word geag 'n motorhek te wees wat ooreenkomstig subartikel (1) gebou is.

(3) Wanneer 'n padowerheid 'n motorhek sluit of verskuif, is artikel 15 met die nodige veranderinge van toepassing.

(4) Wanneer 'n padowerheid 'n hek ingevolge artikel 48(3) of (6) verwyder, moet hy ook 'n motorhek verwyder wat saam met daardie hek bedryf word.

Mynbedrywighede op of onder vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebiede

50. (1) Niemand mag enige mynbedrywighede op of onder enige vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebied uitvoer nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die verantwoordelike owerheid, wat die toestemming kan verleen onderhewig aan voorwaardes wat hy gepas ag.

(2) Waar vervoerinfrastruktuur ondermyn raak na die skepping daarvan, hetsy in stryd met subartikel (1) al dan nie, en dit nodig word ten einde die veiligheid of belange van die publiek te bewaar, kan die verantwoordelike owerheid—

(a) die persoon verantwoordelik vir die ondermyning gelas om die vervoerinfrastruktuur veilig te maak of om voorsiening te maak vir die rekonstruksie daarvan tot tevredenheid van daardie owerheid, op die koste van daardie persoon en binne 'n tyd wat die owerheid bepaal; en

(b) indien daardie persoon versuim om aan daardie opdrag te voldoen, die werk in paragraaf (a) bedoel, onderneem en die koste van sodanige persoon verhaal.

Handel dryf op of in vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebiede

51. (1) Behalwe soos in subartikel (3) bepaal, mag niemand sonder die verantwoordelike owerheid se skriftelike toestemming of strydig met die bepalings van sodanige toestemming op of in 'n vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebied handel dryf of goedere verkoop of uitstal, aanbied of vervaardig vir verkoop nie.

(2) Toestemming ingevolge subartikel(1) kan verleen word—

(a) in die geval van paaie en bykomstige padinfrastruktuur, slegs ten opsigte van persele of gebiede wat ooreenkomstig toepaslike wetgewing vir daardie doel gesoneer of afgebaken is; en

(b) in die geval van spoorlyne en bykomstige openbarevervoerinfrastruktuur, slegs ten opsigte van spesiale gebiede wat deur die verantwoordelike owerheid vir handelsdoeleindes aangewys is.

(3) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op 'n persoon wat op enige grond sake gedoen het voor die verklaring van vervoerinfrastruktuur oor daardie grond en na die verklaring voortgaan met die sake, tensy daardie persoon by skriftelike kennisgewing deur die verantwoordelike owerheid gelas is om dit te staak as gevolg van padveiligheid of die bedryf van verkeer op die vervoerinfrastruktuur.

(4) 'n Werknemer van die verantwoordelike owerheid of 'n persoon wat skriftelik daartoe gemagtig is deur die verantwoordelike owerheid, 'n werknemer van 'n munisipaliteit wat aangewys of aangestel is om wetstoepassingsfunksies te verrig, of 'n persoon wat ingevolge 'n padverkeerswet 'n verkeersbeampte is, kan-

- (a) indien die werknemer, beampte of persoon (in hierdie artikel die “bevoegde beampte” genoem) op redelike gronde vermoed dat ’n persoon ’n handeling verrig het waarvoor ’n owerheid se skriftelike toestemming ingevolge subartikel (1) vereis word, vereis dat die persoon die skriftelike toestemming om daardie handeling te verrig, aan hom of haar toon; 5
 - (b) indien die persoon aan wie die eis gestel word, versuim om die skriftelike toestemming te toon, of as die bevoegde beampte op redelike gronde vermoed dat ’n persoon ’n handeling verrig het wat ingevolge subartikel (1) onwettig is—
 - (i) vereis dat daardie persoon se volle naam en woonadres daar en dan verstrek word; en 10
 - (ii) daardie persoon gelas om elke artikel, struktuur, tent, voertuig, implement of ander voorwerp wat gebruik is of bedoel was om gebruik te word vir of in verband met so ’n daad, uit die vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebied te verwyder; of 15
 - (c) indien ’n persoon versuim om te voldoen aan ’n bevel in subparagraaf (ii) van paragraaf (b) beoog, ’n artikel, struktuur, tent, voertuig, implement of ander voorwerp in daardie subparagraaf genoem, van die vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebied verwyder en die koste van verwydering van die betrokke persoon terugeis. 20
- (5) ’n Munisipaliteit kan by ooreenkoms met die Minister die funksies ingevolge hierdie artikel ten opsigte van provinsiale vervoerinfrastruktuur verrig.

DEEL 9: ALGEMENE BEPALINGS

Spesifieke bevoegdhede van Minister

52. (1) Die Minister kan, behoudens subartikel (2)— 25
- (a) provinsiale vervoerinfrastruktuur beplan, ontwerp, bou, finansier, beheer, bestuur, ontwikkel, in stand hou, beskerm en rehabiliteer;
 - (b) finansiële of ander bystand aan ’n munisipaliteit verleen op voorwaardes wat die Departementshoof bepaal—
 - (i) vir die konstruksie of instandhouding van vervoerinfrastruktuur; of 30
 - (ii) vir die onteiening deur daardie munisipaliteit van eiendom vir die doel van vervoerinfrastruktuur;
 - (c) munisipale vervoerinfrastruktuur in die gebied van ’n munisipaliteit in ooreenkoms met daardie munisipaliteit beplan, ontwerp, bou of in stand hou;
 - (d) vervoerinfrastruktuurbates waarvoor die Departement verantwoordelik is, bestuur behoudens die Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007; en 35
 - (e) enige bevoegdheid uitoefen wat redelikerwys bykomend of bykomstig is by die bevoegdhede in paragrawe (a) tot (d) genoem.
- (2) Die Minister moet met die instemming van die Minister van Finansies optree by die bepaling van ’n subsidie aan ’n munisipaliteit en die stel van voorwaardes in verband daarmee. 40

Algemene bevoegdhede en pligte van verantwoordelike owerhede

53. (1) Die verantwoordelike owerheid kan—
- (a) ’n dier verwyder of daarvoor beskik wat strydig met die Nasionale Padverkeerswet of enige ander wet op vervoerinfrastruktuur of in die reserwe van vervoerinfrastruktuur is, maar is nie aanspreeklik om enige persoon te vergoed waar so ’n dier gedood of beseer word terwyl dit verwyder of daarvoor beskik word of om gevaar vir verkeer te vermy nie; 45
 - (b) boorgate, pompe en alle bybehore of geriewe op vervoerinfrastruktuur wat hy nodig ag, verskaf en in stand hou; 50
 - (c) ’n gebou, hut, tent of ander struktuur vir die akkommodasie van beamptes en werkers in diens op vervoerinfrastruktuur, of wat ander werk in verband daarmee verrig, oprig, bou en in stand hou hetsy op of, behoudens hierdie Wet, buite die reserwe van daardie vervoerinfrastruktuur; 55
 - (d) installasies, masjinerie, toerusting of ander goed wat hy nodig ag vir die konstruksie of instandhouding van vervoerinfrastruktuur, hetsy op of,

- behoudens hierdie Wet, buite die reserwe van daardie vervoerinfrastruktuur berg;
- (e) regte op grond wat verkry is vir of in verband met vervoerinfrastruktuur en nie onmiddellik benodig word nie, verhuur of daaroor beskik, of tydelike regte op sulke grond kosteloos verleen; 5
 - (f) gebiede binne vervoerinfrastruktuur rehabiliteer of belandskap of andersins verbeter;
 - (g) 'n spoorlyn binne 'n pad lê, verskuif of verwyder;
 - (h) voorsiening maak of magtiging verleen vir diensfasiliteite binne vervoerinfrastruktuur, insluitende vulstasies, restourante, speelgronde en ander fasiliteite vir gebruik deur die reisende publiek; 10
 - (i) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*—
 - (i) die beweging van lewende hawe anders as in 'n voertuig op enige pad in die kennisgewing vermeld, verbied of beperk, of
 - (ii) bepaal dat lewende hawe nie sonder die skriftelike goedkeuring van die verantwoordelike owerheid op so 'n pad beweeg mag word nie, en 15
 - (j) waar lewende hawe op 'n pad aangetref word strydig met 'n kennisgewing in paragraaf (i) bedoel, die lewende hawe op die voorgeskrewe wyse skut.
- (2) Behoudens die Nasionale Padverkeerswet kan die verantwoordelike owerheid verkeerstekens, verkeersbeheertoestelle en merke verskaf en in stand hou wat nodig is vir die leiding en veiligheid van verkeer op paaie, en gepaste sinjale en tekens op spoorlyne. 20

Regulasies

54. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig—
- (a) wat meganismes en vereistes voorskryf vir die monitering van die verrigting deur owerhede van hulle funksies ingevolge hierdie Wet, prestasiestandaarde of -aanwysers en die finansiële en ander gevolge van versuim deur owerhede om daardie pligte of funksies uit te voer of om dit toereikend uit te voer; 25
 - (b) wat die wyse en vorm voorskryf waarin enige aansoek in verband met enige magtiging, goedkeuring, toestemming of vrystelling gedoen moet word wat by hierdie Wet beoog word, die inligting wat daarmee voorgelê moet word en die gelde, indien wel, wat vir die aansoek betaal moet word; 30
 - (c) wat 'n vorm voorskryf wat gebruik moet word, die inligting wat verstrekk moet word en die prosedure wat gevolg moet word in verband met enige eis vir vergoeding waarvoor hierdie Wet voorsiening maak; 35
 - (d) wat gelde of huurgeld voorskryf vir enige magtiging, goedkeuring of toestemming wat ingevolge hierdie Wet verleen word bo en behalwe die aansoekgelde ingevolge paragraaf (b) voorgeskryf of in gevalle waar geen aansoekgelde voorgeskryf word nie;
 - (e) wat die wyse voorskryf waarop owerhede rekening moet hou van geld wat ontvang of uitbetaal word ten opsigte van vervoerinfrastruktuur; 40
 - (f) wat voorskryf hoe die koste van vervoerinfrastruktuurwerke bereken moet word;
 - (g) behoudens Deel 6—
 - (i) wat items voorskryf wat in aanmerking kom al dan nie vir 'n subsidie ten opsigte van enige kategorie uitgawe; 45
 - (ii) wat voorsiening maak vir uitsluiting van betaling van 'n subsidie ten opsigte van uitgawes wat die Minister as ongeregverdig of onnodig beskou; en
 - (iii) wat die betaling van 'n subsidie op die uitgawe aan enige werk afhanklik maak daarvan dat die werk uitgevoer word ooreenkomstig planne, standarde, riglyne en spesifikasies wat deur die Departementshoof goedgekeur is; 50
 - (h) wat voorskryf aan wie, en datums waarop, eise vir 'n subsidie voorgelê moet word; 55
 - (i) behoudens die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991), wat handeldryf in of op vervoerinfrastruktuur reguleer;
 - (j) met betrekking tot enige aangeleentheid wat, ingevolge hierdie Wet, by regulasie voorgeskryf, gereguleer of bepaal kan of moet word; en

- (k) oor die algemeen oor enige ander bykomende of bykomstige aangeleentheid wat nodig of dienstig is om voor te skryf vir die behoorlike uitvoering of administrasie van hierdie Wet.
- (2) Die regulasies kan bepaal dat 'n oortreding van of versuim om te voldoen aan 'n bepaling daarvan 'n misdryf is wat strafbaar is met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of sowel so 'n boete en gevangenisstraf. 5
- (3) Verskillende regulasies kan ingevolge subartikel (1) vir verskillende tipes vervoerinfrastruktuur uitgevaardig word.
- (4) Die uitvaardiging of wysiging van regulasies ingevolge subartikel (1) wat finansiële implikasies het, moet met die instemming van die Minister van Finansies geskied. 10
- (5) 'n Regulasie wat ingevolge die Ordonnansie uitgevaardig is en van krag is onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet met betrekking tot 'n aangeleentheid waarvoor die Minister ingevolge subartikel (1) regulasies kan uitvaardig, word beskou as 'n regulasie wat ingevolge subartikel (1) uitgevaardig is totdat dit by 'n nuwe regulasie ingevolge hierdie artikel herroep of vervang word. 15

Standaarde en riglyne

- 55.** (1) Die Departementshoof kan standaarde, kriteria en riglyne vir vervoerinfrastruktuur stel, insluitende—
- (a) standaarde en kriteria vir die verlening van toegang tot paaie; 20
- (b) standaarde en kriteria vir—
- (i) die beplanning, ontwerp, ontwikkeling, konstruksie, bestuur, beheer, instandhouding, beskerming en rehabilitasie van vervoerinfrastruktuur; en
- (ii) pad- en spoorveiligheid in die Provinsie, 25
- welke standaarde en kriteria kan verskil met betrekking tot verskillende tipes vervoerinfrastruktuur en onderhewig is aan, in die geval van paaie, die Nasionale Padverkeerswet, en, in die geval van spoorlyne, die National Railway Safety Regulator Act, 2002;
- (c) standaarde en kriteria vir die ontwerp, konstruksie, beheer en bestuur van motorhekke, insluitende— 30
- (i) hulle grootte, materiaal om te gebruik, wyse van konstruksie, vlak en posisie;
- (ii) die lengte en breedte van aanlope vanaf die padbaan na 'n motorhek;
- (iii) die tekens wat opgerig en in stand gehou moet word om te waarsku van 'n motorhek en die sluiting of verskuiwing van 'n motorhek; en 35
- (iv) die behoorlike bestuur, instandhouding en beheer van motorhekke; en
- (d) standaarde en riglyne vir die gebruik, beheer en beskerming van ruskampe, rusplekke en veekampe op of as deel van paaie.
- (2) Munisipaliteite moet voldoen aan die standaarde, kriteria en riglyne wat ingevolge subartikel (1) deur die Departementshoof gestel word, of kan hulle eie standaarde en riglyne gebruik, mits dit as 'n minimum voldoen aan standaarde en riglyne wat deur hom of haar gestel is. 40
- (3) Die standaarde en riglyne wat deur die Departementshoof gestel word, moet deur die Departement gepubliseer word deur dit via elektroniese media of die amptelike departementele webblad beskikbaar te stel. 45

Verordeninge

- 56.** (1) Voordat 'n munisipaliteit 'n verordening uitvaardig ten opsigte van munisipale vervoerinfrastruktuur, of betreffende enige ander aangeleentheid wat daarop gemik is om die oogmerke van hierdie Wet met betrekking tot daardie munisipale vervoerinfrastruktuur te bevorder, moet hy met die Minister oorleg pleeg. 50
- (2) Hierdie Wet is nie van toepassing nie op enige aangeleentheid wat geregleer word deur 'n verordening wat behoorlik deur 'n munisipaliteit uitgevaardig is in soverre daardie verordening handel oor 'n aangeleentheid wat deur hierdie Wet geregleer word.

Delegering

57. (1) Behoudens subartikel (3) kan die Minister 'n bevoegdheid of plig wat by hierdie Wet aan die Minister verleen of opgedra is, aan die Departementshoof of 'n beampte van die Departement deleger.

(2) Die Departementshoof kan 'n bevoegdheid of plig wat by hierdie Wet aan hom of haar verleen of opgedra is of ingevolge subartikel (1) aan hom of haar gedelegeer is, aan 'n beampte van die Departement deleger. 5

(3) Subartikel (1) is nie op die bevoegdheid om eiendom of regte ingevolge artikel 34 te onteien of om regulasies ingevolge artikel 54 uit te vaardig, van toepassing nie.

(4) 'n Delegasie ingevolge subartikel (1) of (2)— 10

(a) verhinder nie die Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te verrig nie;

(b) moet skriftelik geskied; en

(c) kan te eniger tyd skriftelik gewysig of ingetrek word.

Agentskapsooreenkomste vir pad- of openbarevervoerfunksies 15

58. (1) Die verantwoordelike owerheid kan 'n ooreenkoms in subartikel (2) beoog, aangaan met enige persoon of liggaam (in hierdie artikel “die ander party” genoem), insluitende—

(a) die Minister, behoudens subartikel (4);

(b) 'n munisipaliteit; 20

(c) die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk, ingestel by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet 7 van 1998);

(d) die Suid-Afrikaanse Spoorpendelkorporasie Beperk, ingestel ingevolge artikel 22(1) van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989 (Wet 9 van 1989); en 25

(e) die maatskappy Transnet Beperk, ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet in paragraaf (d) genoem.

(2) 'n Ooreenkoms in subartikel (1) beoog, kan bepaal dat—

(a) die ander party enige van of alle verantwoordelikheid vir of in verband met enige vervoerinfrastruktuur oorneem; 30

(b) die ander party werk in verband met vervoerinfrastruktuur kan doen, insluitende die konstruksie en instandhouding daarvan, of die werk onder sy toesig kan laat doen, vir die rekening van die verantwoordelike owerheid, of dat die verantwoordelike owerheid sodanige werk sal doen vir die rekening van die ander party, of anders ingevolge die ooreenkoms; 35

(c) die munisipaliteit in wie se gebied die vervoerinfrastruktuur geleë is, verantwoordelik is vir die wegdoen van alle stormwater vanaf daardie vervoerinfrastruktuur of verlegging daarvan en uitgawe aangeaan in verband daarmee, maar die verantwoordelike owerheid, indien nie die munisipaliteit nie, is nie verantwoordelik vir skade veroorsaak deur of voortspruitend uit die wegdoen van stormwater deur daardie munisipaliteit of die versuim deur hom om stormwater weg te doen nie; of 40

(d) die verantwoordelike owerheid enige van die funksies in hierdie Wet beoog, of werk in verband daarmee, verrig in die regsgebied van, of op grond behorende aan, die ander party, op koste van die ander party, ooreenkomstig en behoudens hierdie Wet. 45

(3) 'n Ooreenkoms in subartikel (1) beoog, kan voorsiening maak vir die deling van die koste van 'n projek tussen die partye.

(4) Die Minister moet by die aangaan van 'n ooreenkoms wat finansiële implikasies vir die Provinsie het, met die instemming van die Minister van Finansies optree. 50

Beperking van aanspreeklikheid van verantwoordelike owerheid

59. (1) 'n Verantwoordelike owerheid of enige van sy agente of werknemers of beamptes, of enige persoon wat vervoerinfrastruktuur bedryf of gebou het, is nie aanspreeklik nie ten opsigte van skade of verlies gely deur 'n persoon— 55

(a) deur die gebruik van die deel van vervoerinfrastruktuur wat nie vir die gebruik van voertuie bedoel of gebou is nie; of

- (b) as gevolg van die sluiting of verskuiwing van 'n pad of spoorlyn ingevolge hierdie Wet.
- (2) 'n Verantwoordelike owerheid is nie vir eise vir waardevermindering van grond deur of as gevolg van die verklaring van vervoerinfrastruktuur van die eienaar van daardie grond of enige ander persoon aanspreeklik nie. 5

Algemene verbodinge

- 60.** (1) Geen persoon of instelling, insluitende 'n staatsorgaan, mag—
- (a) obstruksies wat vir verkeer gevaarlik kan wees, of enige vullis, puin, ashoep, erdewerk, glas, blikke, spykers, stukke metaal, hout, boomstompe, klippe of ander materiaal op enige vervoerinfrastruktuur plaas of laat nie; 10
 - (b) vervoerinfrastruktuur beskadig of brandstof of ander chemikalieë of gas daarop stort wat dit kan beskadig nie;
 - (c) bome, struie of ander verbeterings op vervoerinfrastruktuur opsetlik beskadig nie;
 - (d) penne of ander voorwerpe wat besering aan persone of diere of skade aan eiendom kan veroorsaak, aan 'n hek of plek op enige vervoerinfrastruktuur heg nie; 15
 - (e) 'n beampte, werknemer, agent of kontrakteur van 'n verantwoordelike owerheid of 'n persoon wat deur daardie owerheid gemagtig is, dwarsboom, dreig of hinder in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet of vuil of beledigende taal gebruik teenoor hom of haar gebruik nie; 20
 - (f) ligte laat skyn, of die verligting versterk, op vervoerinfrastruktuur op 'n wyse wat 'n gevaar vir die verkeer inhou nie;
 - (g) vervoerinfrastruktuur of 'n boubeperkingsgebied onwettig beset of daarin of binne vyf meter daarvan woon nie; 25
 - (h) op grond grens end aan enige vervoerinfrastruktuur, enige stof, materie of ding wat op die vervoerinfrastruktuur gewaai of gespoel word of waarskynlik gewaai of gespoel kan word of waarskynlik aanstootlik, gevaarlik, skadelik of nadelig vir verkeer daarop sal wees, deponeer, opgaar of stort of veroorsaak dat dit gedeponeer, opgegaar of gestort word nie; of 30
 - (i) valslik voorgee om 'n beampte, werknemer, agent of kontrakteur van 'n verantwoordelike owerheid te wees nie.
- (2) Geen persoon of instelling, insluitende 'n staatsorgaan, mag, tensy gemagtig by of ingevolge hierdie Wet of enige ander wet—
- (a) die grond, oppervlak, gruis, uitgrawings, verkantings of vore van enige vervoerinfrastruktuur opgrawe, verwyder of verander nie; 35
 - (b) 'n figuur, letter, tekening, teken, simbool, graffiti of ander soortgelyke voorwerp of simbool op 'n padbaan of 'n brug wat deel van vervoerinfrastruktuur uitmaak of op 'n verkeersteken wat op vervoerinfrastruktuur opgerig is, verf of aanbring nie; 40
 - (c) 'n verkeersteken op enige vervoerinfrastruktuur oprig nie;
 - (d) enige vervoerinfrastruktuur gebruik terwyl dit gebou of herstel word nie, behalwe op die wyse deur padtekens of ander metodes deur die verantwoordelike owerheid aangedui;
 - (e) enige vervoerinfrastruktuur sluit, verlê, verander of op enige manier inbreuk daarop maak nie; 45
 - (f) vervoerinfrastruktuur wat die publiek geregtig is om te gebruik, sluit of 'n heining of ander versperring oprig om die publiek te verhinder om sodanige vervoerinfrastruktuur te gebruik nie;
 - (g) vervoerinfrastruktuur wat deur gepaste padtekens vir verkeer gesluit is, gebruik nie; 50
 - (h) verkeer na 'n pad of spoorlyn afkeer nie, behalwe in 'n noodgeval; of
 - (i) 'n opmeetpen, baken of ander manier van identifikasie wat vir doeleindes van hierdie Wet op, in, oor of onder grond geplaas is of daaraan geheg is, verander, beweeg, verwyder, versteur, beskadig of vernietig nie; 55
- (3) 'n Verantwoordelike owerheid kan die verrigting van 'n handeling wat by subartikel (2) verbied word, skriftelik magtig, behoudens die voorwaardes, vir die tydperk en by betaling van die voorgeskrewe gelde of huurgeld, indien hy oortuig is dat geen skade aan die vervoerinfrastruktuur of benadeling van die publiek daaruit kan voortvloei nie. 60

Misdrywe en strawwe

- 61.** (1) 'n Persoon begaan 'n misdryf indien hy of sy—
- (a) artikel 4(2) of (3), 36(1) of (2), 40(1) of (3), 42(1), 43(1), 44(1), 47(5) of (11), 48(1), 50(1), 51(1) of 60(1) of (2) oortree;
 - (b) versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge artikel 38(2) binne die tydperk in die kennisgewing vermeld; 5
 - (c) versuim om te voldoen aan 'n verpligting wat ingevolge artikel 43(7)(a), (b) of (c) aan hom of haar opgelê is;
 - (d) versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge artikel 43(10)(a) binne die tydperk in die kennisgewing vermeld; 10
 - (e) versuim om te voldoen aan 'n voorwaarde wat ingevolge artikel 44(4) gestel is;
 - (f) versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing in artikel 46(1) beoog;
 - (g) versuim om sy of haar volle naam en woonadres aan 'n bevoegde beampte te verstrek op versoek ingevolge artikel 51(4)(b)(i); 15
 - (h) versuim om te voldoen aan 'n bevel wat ingevolge artikel 51(4)(b)(ii) gegee is; of
 - (i) vee op vervoerinfrastruktuur beweeg in stryd met 'n kennisgewing in artikel 53(1)(i) bedoel.
- (2) 'n Persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), is strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens 12 maande of sowel die boete as gevangenisstraf. 20
- (3) Sulke boetes moet in die Provinsiale Inkomstefonds betaal word waar die Minister die verantwoordelike owerheid is of aan 'n munisipaliteit waar die munisipaliteit die verantwoordelike owerheid is. 25
- (4) Benewens enige ander straf kan 'n hof wat 'n persoon skuldig bevind aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), die persoon vonnis tot 'n boete, betaalbaar aan die verantwoordelike owerheid, gelyk aan die bedrag van alle uitgawes deur daardie owerheid aangegaan, of wat sodanige owerheid raam deur hom aangegaan is, in verband met enige werk wat nodig was om die vervoerinfrastruktuur tot sy vorige staat te herstel of, waar van toepassing, die betrokke skade te herstel, en by versuim om sodanige boete te betaal, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande. 30
- (5) Subartikel (4) verhinder nie die verantwoordelike owerheid om enige bedrag wat hy geregtig is om te verhaal, van enige persoon te verhaal nie, minus, waar van toepassing, enige tersaaklike boete wat ingevolge subartikel (4) betaal is, ongeag of die persoon aangekla is van of skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie artikel. 35

Appèlle teen besluit van Departementshoof of beampte

- 62.** (1) 'n Persoon wat deur 'n besluit van die Departementshoof of 'n beampte van die Departement ingevolge hierdie Wet geraak word, kan na die Minister appelleer teen die besluit. 40
- (2) 'n Appèl ingevolge subartikel (1) moet op die voorgeskrewe wyse en by betaling van die voorgeskrewe gelde aangeteken en hanteer word.
- (3) Die Minister kan—
- (a) 'n appèl oorweeg en beslis; of
 - (b) 'n appèlpaneel aanstel wat saamgestel is soos voorgeskryf, om die appèl te oorweeg en die Minister daaroor te adviseer. 45
- (4) Die Minister kan, na oorweging van 'n appèl, die besluit, bepaling, voorwaardes of lasgewing bevestig, ter syde stel of wysig of enige ander gepaste bevel gee, insluitende 'n bevel dat die voorgeskrewe gelde betaalbaar deur die appellant, of enige deel daarvan, terugbetaal word. 50
- (5) 'n Appèl ingevolge hierdie artikel hef nie die besluit waarteen daar geappelleer is, op nie, tensy die Minister anders gelas.

Ander oorgangsbepalings

- 63.** (1) Enige proklamasie, kennisgewing, sertifikaat, regulasie of verordening wat uitgereik is, en enige lasgewing, goedkeuring, instemming, toestemming of magtiging gegee en enige aanstelling gedoen of enige ander handeling verrig of ding gedoen ingevolge 'n wet wat by hierdie Wet herroep is en van krag is onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, en wat ingevolge enige bepaling van hierdie Wet 55

uitgevaardig, uitgereik, gegee, geneem of gedoen kon word, bly van krag en word geag ingevolge hierdie Wet uitgereik, gegee, gedoen, verrig of gedoen te wees.

(2) 'n Onteining wat begin is, en verrigtinge vir die bepaling van vergoeding wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur 'n verantwoordelike owerheid ingestel is ingevolge 'n wet wat by hierdie Wet herroep is, word ingevolge die bepalings van die herroepe wet afgehandel asof hierdie Wet nie aangeneem is nie, maar die partye kan ooreenkom om ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet met die onteining of verrigtinge voort te gaan. 5

Verhouding van Wet tot ander wette

64. Die bepalings van hierdie Wet is bykomend by ander wette wat handel oor aangeleenthede rakende die aangeleenthede waaroor hierdie Wet handel, en nie ter vervanging daarvan nie. 10

Herroeping van wette

65. Behoudens artikel 63(1) word die wette in die Bylae genoem, herroep in soverre hulle in die Provinsie van toepassing is en aan die Provinsie opgedra is, in die mate in die derde kolom daarvan aangedui. 15

Kort titel en inwerkingtreding

66. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op Vervoerinfrastruktuur, 2013, en tree in werking op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

BYLAE

No en jaar van wet	Kort titel	In hoeverre herroep
Wet 21 van 1940	Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940	Die geheel.
Wet 22 van 1944	Wysigingswet op Nasionale Paaie en Toebou van Paaie, 1944	Die geheel.
Wet 28 van 1952	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1952	Die geheel.
Wet 16 van 1962	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1962	Die geheel.
Wet 16 van 1966	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1966	Die geheel.
Wet 6 van 1976	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1976	Die geheel.
Wet 2 van 1979	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1979	Die geheel.
Wet 43 van 1985	Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1985	Die geheel.
Ordonnansie 19 van 1976	Ordonnansie op Paaie, 1976	Die geheel.
Ordonnansie 18 van 1977	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1977	Die geheel.
Ordonnansie 11 van 1978	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1978	Die geheel.
Ordonnansie 6 van 1980	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1980	Artikels 1 tot 8.
Ordonnansie 28 van 1980	Tweede Wysigingsordonnansie op Paaie, 1980	Die geheel.
Ordonnansie 5 van 1982	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1982	Die geheel.
Ordonnansie 20 van 1983	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1983	Die geheel.
Ordonnansie 13 van 1985	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1985	Die geheel.
Ordonnansie 16 van 1986	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1986	Die geheel.

UMTHETHO

Ojoliswe ekuboneleleni ngocwangciso, uyilo, ukubekwa, ukwakhiwa, ukulondolozwa, ukulawulwa, ukuphuculwa nokuvuselelwa kweendlela, imigaqo yoololiwe nezinye izibonelelo zezothutho eNthona Koloni; neminye eimiba ephathelele nako.

NGOKO KE KUWISWA UMTHETHO yiPalamente yePhondo leNtshona Koloni ngolu hlobo lulandelayo:—

UCWANGCISO LWAMACANDELO

ISIGABA 1: AMAGQABANTSHINTSHI ENTSHAYELELO

1. Inkcazo-magama 5
2. Iziphathamandla ezisingathe izibonelelo zezothutho
3. Itayitile, unikezelo lwamagunya nodluliselo lomhlaba ezikuwo izibonelelo zezothutho
4. Iinjini eziqeqeshiweyo, abacwangcisi beedolophu okanye abayili bezakhiwo abaza kusingatha imisebenzi ethile 10

ISIGABA 2: ULWAHLULO LWEZIBONELELO ZEZOTHUTHO, UBUBANZI BEMIHLABA, IMIDA YOLWAKHIWO NEENGINEQI ZONYINO LOLWAKHIWO

5. Ulwahlulwa-hlulo lweendlela neendlela zoololiwe
6. Ububanzi beengingqi ezisikiweyo nemigaqo yoololiwe 15
7. Ulwahlulwa-hlulo neengingqi ezisikiweyo zezibonelelo zezothutho ezilulungezelelo
8. Imida yolwakhiwo neengingqi zonyino lolwakhiwo

ISIGABA 3: IMIQATHANGO YEXESHANA MALUNGA NEENDLELA ESEZIKHONA 20

9. Uvandlakanyo lweendlela esezabekwayo
10. Izivumelwano zodluliselo malunga neendlela esezabekwayo

ISIGABA 4: UCWANGCISO NOKUBEKWA KWEZIBONELELO ZEZO-THUTHO

11. Ucwangciso lwenkqubo yothutho 25
12. Amarekhodi ezibonelelo zezothutho
13. Inkqubo yocwangciso lweeprowujekthi
14. Umsebenzi wolawulo lokusingqongileyo olumanyanisiweyo
15. Umsebenzi wocwangciso phambi kokuvala
16. Isicelo sokuvala, esokufudusa okanye esokutshintsha isibonelelo sezothutho 30
17. Isigqibo sesiphathamandla sendlela okanye sesibonelelo sendlela sikarhulumente

18. Amanyathelo asemthethweni okhuselo lwezibonelelo zezothutho
19. Ukubekwa kwesibonelelo sezothutho

ISIGABA 5: IINKQUBO MALUNGA NOKUVALWA KWEZIBONELELO ZEZOTHUTHO

20. Ukuvalwa (*mpela*) kwesibonelelo sezothutho 5
21. Ukuvalwa okanye ukujikwa kwexeshana kweendlela okanye kwemigaqo kaloliwe
22. Ukuvalwa okanye ukujikwa ngemeko yonxunguphalo
23. Ilungelo loluntu lokusebenzisa indlela okanye umgaqo kaloliwe ovalwe okanye ojikwe okwexeshana 10

ISIGABA 6: IZICWANGCISO ZENKXASO-MALI NEZONCEDISO-MALI

24. Izicwangciso zoncediso-mali noomasipala
25. Uqikelelo lwenkcitho kuncediso-mali
26. Ukubalwa kwepesenti yoncediso-mali
27. Ukubekwa kwesixa senkcitho kuncediso-mali 15
28. Irenti, intengiso kunye nenye ingeniso evela kumhlaba othengwe ngemali yoncediso-mali
29. Izinga lepesenti yoncediso-mali elilinganisiweyo kwinkcitho yeentengo ezinkulu
30. Amagalelo avela kwezinye iindawo 20
31. Ukuhlawulwa koncediso-mali
32. Amarekhodi enkcitho kwizibonelelo zezothutho
33. Ukuthotywa kwenkcitho yoncediso-mali olubekiweyo

ISIGABA 7: UKUTHATHELWA UMHLABA NEMBUYEKEZO

34. Ukuthathelwa umhlaba 25
35. Ukungena nokuthatha umhlaba

ISIGABA 8: ULAWULO NOKUPHATHWA KWEZIBONELELO ZOMHLABA NEMHLABA EMELENE NAYO

36. Ukuthintelwa kwezibhengezo ezithile ezikwizibonelelo zezothutho okanye ezibonakala kuzo 30
37. Imigaqo malunga nezibhengezo ezikwizibonelelo zezothutho okanye ezibonakala kuzo
38. Ukususwa kwezibhengezo ezingagunyaziswanga
39. Ukuzindla okuphathelele kwizibhengezo
40. Ukungena nokuphuma kwizibonelelo zezothutho 35
41. Ukufuduswa okanye ukuvalwa kwendawo yokungena okanye yokuphuma kwisibonelelo sezothutho
42. Uthintelo lokugalelwa okanye lokushiya kwezinto ezithile kwisibonelelo sezothutho okanye kufutshane naso
43. Izifakelo nezinto ezilolunye ulwakhiwo kwimhlaba ebekelwe izibonelelo zezothutho, phezu okanye phantsi kwazo okanye ngaphakathi kwemida yolwakhiwo okanye kwiindawo ezinonyino lolwakhiwo 40
44. Unyino lokujikwa kwendlela osetyenziswa ngayo umhlaba
45. Iibhodi zomgama, imiqondiso nezilumkiso ezindleleni
46. Imiqobo nokususwa kwayo 45
47. Iingcingo eziphahle imida okanye ezingaphakathi kwemida yezibonelelo zezothutho
48. Iigeyithi zokunqumla iindlela
49. Iigeyithi zothintelo lwezilwanyana
50. Ulwembiwo lwezimbiwa kwizibonelelo zezothutho okanye phantsi kwazo okanye kwiindawo ezinonyino lolwakhiwo 50
51. Ukuqhuba ushishino kwizibonelelo zezothutho okanye kwiindawo ezinonyino lolwakhiwo

ISIGABA 9: IMIQATHANGO NGOKUBANZI

52. Amagunya oMphathiswa
53. Amagunya nemisebenzi yeziphathamandla ezinoxanduva loko ngokubanzi
54. Imigaqo
55. Imigangatho nezikhokelo 5
56. Imithetho kamasipala
57. Ugunyaziso
58. Izivumelwano nabagunyaziswa ngemisebenzi yeendlela okanye yothutho loluntu
59. Unyino kubutyala besiphathamandla esongameleyo 10
60. Uthintelo ngokubanzi
61. Izigqitho nezohlwayo
62. Izibheni ngesigqibo seNtloko yeSebe okanye segosa
63. Eminye imiqathango yexeshana
64. Unxulumano lwalo Mthetho neminye imithetho 15
65. Ukutshitshiswa kwemithetho
66. Isihlokwana esifutshane nokuqalisa

ISIGABA 1: AMAGQABANTSHINTSHI ENTSHAYELELO

Inkcazo-magama

1. (1) Kulo Mthetho, ngaphandle kwalapho imeko elisetyenziswe kuyo igama ilinika 20
enye intsingiselo—

“**isibhengezo**” sithetha nasiphi na isiboniso esibonakalayo segama, sikanobumba, sesazobe, sento, sophawu, selogo okanye soqondiso okanye sesifinyezo segama okanye sako nakuphi na okuhlanganisa ezi zinto, esijoliswe ekwaziseni okanye ekutsaleleni ingqondo kwinto ethile, kwaye ke sibandakanya ibhodi okanye into ekuqhelwe ukuyisebenzisa ngezi njongo, ngokunjalo nemifanekiso ehambayo eboniswa ngezikrini okanye izinto ezilolo hlobo, nakubeni owona myalezo ungadluliswa ngazo, kodwa ke asibandakanyi imiqondiso yendlela okanye irobhothi; 25

“**into elulongezelelo kwizibonelelo zothutho loluntu**” ithetha isilungiselelo esikhankanywe kwicandelo 7(2) yaza yabekwa njengento elululongezelelo kuthutho loluntu phantsi kwecandelo 19, kwaye ibandakanya zonke izinto ezingahambisekiyo nemihlaba eyeyabanye abanini eyinxenye yeso silungiselelo okanye esetyenziswa ngokunxulumene naso; 30

“**isilungiselelo esilulongezelelo kwindlela**” ithetha isilungiselelo sephondo okanye sikamasipala esikhankanywe kwicandelo 7(1) saza sabekwa njengesilungiselelo esilulongezelelo phantsi kwecandelo 19, kwaye sibandakanya nomhlaba esakhiwe kuwo; 35

“**izibonelelo zezothutho ezilulongezelelo**” zithetha izilungiselelo ezilulongezelelo kwiindlela nakwizibonelelo zothutho loluntu; 40

“**umda**” ngokubhekisele—

(a) kwindlela okanye kumgaqo kaloliwe, uthetha ezo ndawo ziphawula ukuphela komhlaba obekwe phantsi kwecandelo 19(1), okanye othathwa ngokuba ubekwe ngolo hlobo phantsi kwecandelo 9(1) xa iziindlela ezazithe zabekwa ngaphambili ngeenjongo zokuba zibe ziindlela okanye imigaqo kaloliwe; 45
kanti ngokubhekisele

(b) kwisilungiselelo esilulongezelelo kwindlela uthetha loo ndawo iphawula ukuphela kwengingqi ebekwe phantsi kwecandelo 19(1) njengesilungiselelo esilulongezelelo kwindlela;

“**umda wolwakhiwo**” uthetha umda okhankanywe kwicandelo 8(1)(b), (2) okanye (3)(a); 50

“**indawo enonyino lolwakhiwo**” ithetha indawo ekhankanywe kwicandelo 8(1)(b) okanye (3)(b) okanye (c);

“**icala leebhasi**” lithetha iileyini ezilungiselelwe ukusetyenziswa ziibhasi kuphela endleleni okanye ke izithuthi ezigunyazisiwe ukuba zisebenzise ezo leyini kwiimeko zongxamiseko okanye ke ngezinye iinjongo; 55

“**uMgaqo-siseko**” uthetha uMgaqo-siseko weRiphabliki yoMzantsi Afrika, 1996; “**ulwakhiwo**” lubandakanya ulwakhiwo ngokutsha;

- “izibonelelo zezothutho ezibekiweyo”** zithetha izibonelelo zezothutho ezithe zamiselwa ngolo hlobo okanye ekuthathwa ukuba zimiselwe ngokwemiqathango yalo Mthetho;
- “iSebe”** lithetha isebe elongamele iindlela nemicimbi yothutho loluntu kuRhulumente wePhondo eli; 5
- “idepo”** ithetha indawo esetyenziselwa ukuvalelwa kwezithuthi (*ezithathiweyo*) nethe—
- (a) yakhethelwa ukuba yidepo ngokwemiqathango yecandelo 87 le-NLTA; okanye
- (b) yabekelwa okanye yakhethelwa ukuba yindawo yokuvalelwa kwezithuthi phantsi kwawo nawuphi na omnye umthetho; 10
- “indawo yenkonzo yokufikelelisa ngqo”** ithetha isibonelelo esikufuphi nendlela enguhola—
- (a) eyenza kuphumeke ngqo kwindlela enguhola;
- (b) nelungiselelwe ukuba isetyenziswe ngabasebenzi bakahola lowo okanye ekulawuleni imisebenzi yezothutho; 15
- “umasipala wesithili”** uthetha umasipala wesithili njengoko echazwa kwicandelo 1 loMthetho oyi *Structures Act*;
- “indlela yesithili”** ithetha indlela eye yahlulwa njengendlela yesithili ngokwemi-qathango yamacandelo 5(2)(a) okanye 9(1), okanye ethathwa ngokuba iyindlela yesithili ngokwemiqathango yecandelo 9(7); 20
- “ukubiya”**, ngokubhekisele kucingo, kubandakanya nokufakela ucingo ngokutsha, ukutshintsha yonke into ekubiywe ngayo nokufakela nantoni na kucingo olo engeyomfuneko phofu ekulungisweni okanye ekulondolozweni kwalo;
- “ukuthatha”** kubandakanya ukuthathwa okwexeshana kwelungelo lokusebenzisa umhlaba; 25
- “ubiyelo”** luthetha nayiphi na into esetyenziselwe ukubiyela nokuba yenziwe ngantoni na okanye ibekwe njani na, kwaye lubandakanya udonga neheji;
- “uhola”** uthetha indlela okanye inxenye yendlela ethe yakhethelwa ukuba ibe yindlela enguhola ngokwemiqathango yoMthetho oyi *National Road Traffic Act*; 30
- “iGazethi”** ithetha iGazethi yePhondo yeli Phondo;
- “iNtloko yeSebe”** ithetha iNtloko yeSebe eli;
- “umgaqo kaloliwe omkhulu”** uthetha umgaqo kaloliwe okhwelisa abantu—
- (a) ohamba kwiintsimbi (*kwiziporo*) ezikwindawo asikelwe ukuhamba kuyo;
- (b) oziporo zakhe zingaphaya kwama-600 milimitha; 35
- (c) nothe wahlulwa njengomgaqo kaloliwe omkhulu ngokwemiqathango yecandelo 5(2)(a);
- “isicwangciso sezothutho esihlanganisiweyo”** sithetha isicwangciso njengoko sicaciswa kwicandelo 36 le-NLTA;
- “umhlaba”** uthetha umhlaba, nokuba uphuhlisiwe nokuba awuphuhliswanga; 40
- “umgaqo kaloliwe omncinane”** uthetha umgaqo kaloliwe okhwelisa abantu, kubandakanya nomgaqo onesiporo esinye, umgaqo ophakanyiswa yimagnethi, okanye umgaqo owakhiweyo apho izithuthi zihamba ngamatayala anomoya—
- (a) osebenza kwindawo asikelwe ukuhamba kuyo, ngaphakathi kwindawo ekulilungelo lakhe ukuhamba kuyo okanye kwindlela ehamba iintlobo ngeentlobo zezithuthi; 45
- (b) nothe wahlulwa njengomgaqo kaloliwe omncinane ngokwemiqathango yecandelo 5(2)(a);
- “umasipala wengingqi”** uthetha umasipala wengingqi njengoko echazwa kwicandelo 1 loMthetho oyi *Structures Act*; 50
- “indlela enkulu”** ithetha indlela ethe yahlulwa njengendlela enkulu ngokwemi-qathango yecandelo 5(2)(a) okanye 9(1), okanye ethathwa ngokuba iyindlela enkulu ngokwemiqathango yecandelo 9(6);
- “imisebenzi yezimbiwa”** ithetha nawuphi na umsebenzi onxulumene nokumbiwa kwezimbiwa nakuyo nayiphi na imiba enxulumene nawo; 55
- “uMphathiswa”** uthetha iLungu leKhabhinethi yePhondo elongamele iSebe eli;
- “uMphathiswa wezeMali”** uthetha iLungu leKhabhinethi yePhondo elongamele imicimbi yemali kwiPhondo eli;
- “uMphathiswa woLawulo lweeDolophu neZithili”** uthetha iLungu leKhabhinethi yePhondo elongamele imicimbi yolawulo lweedolophu nezithili kwiPhondo eli; 60

- “indlela encinane”** ithetha indlela ethe yahlulwa njengendlela encinane ngokwemiqathango yecandelo 5(2)(a) okanye 9(1), okanye ethathwa njengendlela encinane ngokwemiqathango yecandelo 9(6);
- “igeyithi yokuthintela izilwanyana”** ithetha indawo elisango endleleni ekungena kulo izithuthi kuphela zinqumla phezu kwamanqwanqwa entsimbi anezithuba phakathi kwawo; 5
- “umasipala”** uthetha umasipala olapha kweli Phondo, nokuba ngumasipala wesithili okanye umasipala wengingqi kweso sithili;
- “umgaqo kaloliwe kamasipala”** uthetha umgaqo kamasipala ophantsi kolawulo lukamasipala; 10
- “indlela kamasipala”** ithetha indlela enkulu, indlela yesithili, indlela encinane okanye indlela yezithuthi zoluntu ephantsi kolawulo lukamasipala lowo;
- “izibonelelo zothutho zikamasipala”** zithetha izibonelelo zothutho eziphantsi kolawulo lukamasipala lowo ngokwemiqathango—
- (a) yesi saziso sikhankanywe kwicandelo 5(2) okanye 7(3); 15
- (b) yesi sivumelwano sikhankanywe kwicandelo 9(1); okanye
- (c) yesi sivumelwano sodluliselo sikhankanywe kwicandelo 10;
- “indlela yesizwe”** ithetha indlela yesizwe njengoko ichazwa kuMthetho oyi*South African National Roads Agency Limited and National Roads Act*, 1998 (uMthetho 7 ka-1998); 20
- “uMthetho oyi*National Road Traffic Act*”** uthetha uMthetho oyi*National Road Traffic Act*, 1996 (uMthetho 93 ka-1996);
- “i-NEMA”** sisishunqulelo esithetha uMthetho oyi*National Environmental Management Act*, 1998 (uMthetho 107 ka-1998);
- “NHRA”** sisishunqulelo esithetha uMthetho oyi*National Heritage Resources Act*, 1999 (uMthetho 25 ka-1999); 25
- “NLTA”** sisishunqulelo esithetha uMthetho oyi*National Land Transport Act*, 2009 (uMthetho 5 ka-2009);
- “into yothutho engahambi nganjini”** ibandakanya abahamba ngeenyawo, ibhayisikili enyovwayo nezinye izinto ezihanjiswa ngabantu okanye zizilwanyana; 30
- “umhlali”** uthetha umntu ohleli ngokusemthethweni emhlabeni okanye umntu osegunyeni ngokomthetho lokuba abe elawula umhlaba njengomnini wawo, njengomqeshi okanye umnini welayisenisi okanye phantsi kwaso nasiphi na isizathu;
- “iilwimi zaseburhulumenteni”** zithetha isiNgesi, isiBhulu nesiXhosa; 35
- “uMthetho wePhondo”** uthetha uMthetho weNdllela wePhondo oyi*Roads Ordinance*, 1976 (uMthetho wePhondo 19 ka-1976);
- “isigqeba sikarhulumente”** sithetha isigqeba sikarhulumente njengoko sichazwa kwicandelo 239 loMgaqo-siseko;
- “PFMA”** sisishunqulelo soMthetho oyi*Public Finance Management Act*, 1999 (uMthetho 1 ka-1999); 40
- “okumiselweyo”** kuthetha ukumiselwa ngumgaqo;
- “okwabekwa ngaphambili”** kuthetha oko kwathi kwabekwa okanye kwathathwa njengokubekiweyo ngokwemiqathango yoMthetho wePhondo okanye yawo nawuphi na omnye umthetho nobusebenza ngexesha lokuqalisa kwalo Mthetho ukusebenza; 45
- “uMthetho oyi*Promotion of Administrative Justice Act*”** uthetha uMthetho oyi*Promotion of Administrative Justice Act*, 2000 (uMthetho 3 ka-2000);
- “iPhondo eli”** lithetha eli Phondo okanye uRhulumente wePhondo leNtshona Koloni, ngokwaloo meko lisetyenziswe phantsi kwayo eli gama; 50
- “isikhokelo sothutho lwendlela lwephondo”** sithetha isikhokelo esikhankanywe kwicandelo 35 le-NLTA;
- “umgaqo kaloliwe wephondo”** uthetha umgaqo kaloliwe ophantsi kolawulo loMphathiswa;
